Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 12
Nommer 3 Desember 1968

Ondervinding...Durf...Kundigheid...
Beplanning...Ontwikkeling...Vooruitgang.
Hierin lê die groeikrag van Die Federale Groep.

DIE FEDERALE GROEP F V B

VZ&R3999/2A

„Boet, dis tyd dat ek jou aan my bank bekend stel!"

„Noudat jy jou eie potjie krap, is dit dié bank wat ook vir jou 'n bate sal wees. Volkskas het my deur dik en dun bygestaan, want hulle het geweet my saak is gesond. Droogtes, slap tye . . . kom wat wil, ek weet Volkskas hou as 't ware die sambreel oor jou!

Die manne wat aan die roer van Volkskas staan, is bekendes in ons land en die aandele word deur ons eie mense besit. Daarom kan 'n mens vertroue hê in die beleid van Volkskas. 'n Beleid wat op nasionale vlak die belange van die Republiek eerste stel—en op persoonlike vlak die belange van die kliënt. Dus sal Volkskas jou nooit met roekelose krediet van die wal af in die sloot help nie. Verantwoordelike optrede, dis wat jy van Volkskas kan verwag.

Volkskas lewer alle bankdienste hier en in die buiteland. Diens is die wagwoord—en dit vereis toegewyde mense. Volkskas het sulke mense. Mense wat ook hul plek volstaan in ons gemeenskapslewe. Ek weet jy sal ook tuis voel by Volkskas."

VOLKSKAS BEPERK (GEREGISTREERDE HANDELSBANK)
HOOFKANTOOR: PRETORIA

Volkskas staan vir flink, volledige bankdienste

VZ008064

FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap,

Borduurwerk,

Name skryf, ens.

Handaangedrewe R86.25

Motoraangedrewe R102.50

Kontantkorting: 20%

Frick – NAAIMASJIENE

Voortrekkerweg 35, Parow

Telefoon 98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids

?Kan u werklik bekostig om u finansies stuk-stuk te behartig?

Baie mense maak maar so. Hier 'n lening, daar weer 'n belegging. Elders 'n bietjie brandversekering, en dan weer 'n man wat raad moet gee met inkomstebelasting.
Daar is nooit 'n volledige finansiële prentjie nie.
Pleks dat al 'n mens se bates saam ingespan word in 'n beplande geheel, word finansiële kragte verspil.
(En tyd? Moenie praat nie!)
Maar daar **is** mense wat die volle voordeel van al hul bates geniet. Dis die mense wat gebruik maak van Santam se gespesialiseerde bank- en verseke-ringsdienste.

Alles onder een dak. Beleggings teen mededingende rentekoerse – plus bonusrente. Persoonlike lenings. Brandversekering, Motorversekering **plus** nog 70 ander soorte versekering. Beplanning **en** administrasie van alle sake. Advies. En nog meer. Kortom, 'n afgeronde, oorsigtelike, beplande prentjie. Die doen Santam Bank reeds sedert 1918 vir mense en instansies, groot en klein. Ook graag vir **u.** By u naaste Santamkantoor.

50

Santam Bank Beperk

Santam Versekeringsmaatskappy Beperk

KANTORE DWARSDEUR DIE REPUBLIEK, SUIDWES-AFRIKA EN RHODESIË

VZ&R — K5651A

GEE 'N MAN 'N LUCKY!



Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 12 NO. 3 DESEMBER 1968

In hierdie Uitgawe

Oud-Maties in die Kabinet, 7
Redaksioneel
Landbou-Onderwys op Stellenbosch, 8
Bellville en die Universiteit van Stellenbosch, 8
Indeling Akademiese Jaar 1969, 9
Dank aan mnr. Sleigh, 9
Mnr. C. J. Human, 9
Ons Eer hul Nagedagtenis, 10
Ons Historiese Agtergrond, 11
Die K.M.R. Spektrometer, 14
Die Elektronmikroskoop, 16
Die Stellenbosch-Museum, 19
Leermeester in die Klassieke Reis in die Nuwe Wêreld, 20
Nuwe Deel (V) Afrikaanse Woordeboek, 21
Nuwe Aanstellings en Bevorderings, 22
Die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds, 24
Kursusse, 25
Beurse, 26
Uitbreiding en Groei
Fonds vir Geneeskundige Navorsing, 27
Huis Francie van Zijl ingewy, 27
Tweede Groot Boekeskenking, 29
Besoekers
'n Toekomsblik deur Kmdt.-Genl. R. C. Hiemstra, 30
Oud-Maties
Vyf Landbouers geëer, 33
F.A.K.-Erepenning aan Prof. D. F. Malherbe, 34
Gelukwense, 36
Sy Dubbele Onderneming, 38
Matielandfonds, 39
Studentebedrywighede
A.S.B.-Leierskursus te Stellenbosch, 41
Jaarverslag van S.R.-Voorsitter, 42
Die Rektor en die Studenteraad, 43
Well done, Alan and John!, 43
Die Dagbreek-Argief, 43
Oud-Maties! U Adresse, 44

VOORBLADFOTO
Ingang van die vroeëre Grosvenor-huis, tans die Stellenbosch-museum.

Oud-Maties in die Kabinet, 10 Augustus 1968

MNR. D. C. H. UYS
(Landbou)



DR. B. J. VORSTER
(Eerste Minister en
Kanselier van die U.S.)

MNR. J. F. W. HAAK
(Ekonomiese Sake)



MNR. M. C. BOTHA
(Bantoe-Administrasie
en -Ontwikkeling, en
Bantoe-Onderwys)

MNR. B. COETZEE
(Gemeenskapsbou en
Openbare Werke)

MNR. S. P. BOTHA
(Waterwese en Bosbou)

MNR. G. F. v. L. FRONEMAN
(Adjunk : Justisie, Mynwese en
Beplanning)

MNR. J. J. LOOTS
(Adjunk : Finansies en
Ekonomiese Sake)

DR. P. G. J. KOORNHOF
(Adjunk : Bantoe-Administrasie
en -Onderwys, en Immigrasie)

Redaksioneel

Landbou-Onderwys op Stellenbosch

Prof. J. C. Swart, afgetrede professor in die Veeteelt aan die Universiteit van Stellenbosch, het in sy rede tydens die Goue Jubileumfees van die Fakulteit van Landbou aangetoon hoe dié fakulteit ten gevolge van 'n kettingreaksie ontstaan het.

As die Teologiese Kweekskool nie in 1859 gestig is nie, sou daar nie behoefte aan die „Arts Department" (1874) in die Stellenbosse Gimnasium en die daaruit voortvloeiende Stellenbosse Kollege (1881), die Victoria-Kollege (1887) en die Universiteit (1918) ontwikkel het nie.

Dan sou nie die Fakulteite van Landbou en Bosbou en die Departement van Huishoudkunde bestaan het nie, nie die instelling van landbou-onderrig (1884) (deur die beywering van ds. J. H. Neethling) gevolg het nie, en nie die totstandkoming van die landbouskool op Elsenburg (1898) en die latere Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch (1926) plaasgevind het nie.

Reeds in 1880 het die Raad van die Stellenbosch-Gimnasium in beginsel aanvaar dat onderrig in die landbou ingestel behoort te word. Op 19 Julie 1887 het die eerste werklike landbouskool in S.A. onder prof. Fischer tot stand gekom en is 'n proefplaas op 6½ morg gehuurde grond op 'n deel van die plaas Weidenhof van mnr. F. Blersch, naby die huidige Stellenbosch-stasie, aangelê.

Die beroemde dr. R. Marloth was een van die bekendste eertydse dosente en mnr. C. M. (Oom Charlie) Neethling van Stellenbosch een van die eerste vier studente wat in 1889 hulle diplomas verwerf het.

In 1917 het die stigting van die Fakulteit van Landbou plaasgevind en is dr. A. I. Perold, mnr. J. H. Neethling en dr. J. P. du Buisson as eerste professore in die Landbou aangestel.

In daardie tyd het die boeregemeenskap nog maar baie skepties teenoor landbou-onderrig gestaan, en dus moes die boere se vertroue gewen word deur deeglike opleiding, navorsing en voorligting. Vandag bestaan die personeel van die Fakulteit uit 18 professore en 29 senior en ander lektore wat 19 departemente behartig. In 1966 was daar 513 landboustudente aan die Universiteit ingeskryf.

Oor die afgelope 50 jaar (1918–1967) is 1,462 baccalaureus-, 114 honneurs baccalaureus-, 326 magister- en 57 doktorsgrade, benewens 5 eredoktorsgrade en 2 eremeestersgrade, toegeken.

Nie net deur die opleiding van landboukundiges nie, maar ook deur navorsing en voorligting het hierdie fakulteit gehelp om menigvuldige landbouprobleme op te los, en ook om die produksievermoë en die welvaart van ons landboubevolking te verhoog.

In die leuse van die Fakulteit, *Al delwende opwaarts,* is 'n skynbare teenstrydigheid aanwesig, maar ook praktiese waarheid en idealisme, waarvan die resultate van die verlede sprekend getuig.

Bellville en die Universiteit van Stellenbosch

Die Universiteit van Stellenbosch is reeds geruime tyd geografies nie meer net aan Stellenbosch verbonde nie. Die aardrykskundige uitbreiding reik tot die Landboukollege op Elsenburg, die Kerninstituut by Faure, die Militêre Akademie op Saldanha en die buitemuurse afdeling van die Handelsfakulteit en ook die Fakulteit van Geneeskunde te Bellville.

Dit was harde werk deur Stellenbosse vriende, en die belangrike skenking van R200,000 deur wyle mnr. Jannie Marais van Coetzenburg, wat verhoed het dat die ou Victoria-Kollege deur wetgewing ondergeskik gemaak is aan Groote Schuur, en wat daartoe gelei het dat die Victoria-Kollege in 1916 deur wetgewing tot afsonderlike universiteit verhef is.

Waar die Universiteit van Stellenbosch in 1916 nog maar swak en tingerig was, brei dit die afgelope dekade sy vleuels uit juis in die rigting van waar sy onafhanklike bestaansreg voorheen bedreig is.

Sedert 1958 bied die Universiteit buitemuurse klasse in die Handelswetenskappe te Bellville aan — 'n groot diens aan die noordelike stadsgebiede. Die jongste uitbreiding is die voltydse eenjarige nagraadse kursus in Besigheidsbestuur en -administrasie, naas die deeltydse tweejarige kursus. Vanjaar is 349 studente by die buitemuurse afdeling ingeskryf.

Die Fakulteit van Geneeskunde het in 1956 tot stand gekom toe die eerste dosent-geneeshere met hulle werk in Bellville begin het. Benewens geneeshere word ook spesialiste, verpleegsters, dosente in die Verpleegkunde, hospitaaldieetkundiges, fisioterapeute en arbeidsterapeute deur die Universiteit daar opgelei. Tot aan die einde van 1967 het reeds 205 geneeshere, 24 spesialiste en 7 doktore in Geneeskunde afgestudeer. Die totaal van 364 studente het vanjaar by die Fakulteit vir Geneeskunde ingeskryf.

Dit bring die getal Stellenbosse studente, op Bellville ingeskryf, vir vanjaar op 713 te staan. Die Universiteit is inderdaad groot dank verskuldig aan die Munisipaliteit en ander vriende van Bellville vanweë die sterk morele en finansiële ondersteuning wat van hulle kant ontvang word.

Indeling Akademiese Jaar 1969

Die Universiteitsraad het die onderstaande indeling van die akademiese jaar 1969 goedgekeur:

Eerste semester

Aanvang van klasse (uitgesonderd sekere kursusse) ...	Maandag, 24 Febr.
Formele opening	Woensdag, 26 Febr.
Aanvullende grade- en diplomaplegtigheid	Vrydag, 7 Maart
Kortvakansie begin	Donderdag, 3 April
Hervatting voorlesings ...	Maandag, 14 April
Einde eerste semester	Vrydag, 20 Junie

Tweede semester

Begin tweede semester ...	Maandag, 21 Julie
Kortvakansie begin	Vrydag, 26 Sept.
Hervatting voorlesings ...	Maandag, 6 Oktober
Klasse sluit (uitgesonderd sekere kursusse)	Vrydag, 24 Oktober
Einde akademiese jaar ...	Vrydag, 12 Desember

DANK AAN MNR. SLEIGH

Mnr. J. W. Sleigh, wat in Somerset-Wes woonagtig is, was vir 29 jaar lid van die Universiteitsraad. Die Raad van die Universiteit het mnr. Sleigh, op die laaste raadsvergadering wat hy op 31 Augustus 1968 bygewoon het, met waardering bedank vir sy toegewyde diens aan die Universiteit oor so 'n lang tyd en hom herstel van gesondheid en 'n aangename rustyd toegewens.

KERSTYD EN DIE NUWE JAAR

Mag elke Matielander en leser die ryke, genadige en verlossende seën van Kersfees deelagtig wees, want 'n Seun is vir ons gebore...

Mag u in die nuwe jaar, 1969, nader kom aan die verwesenliking van u ideale; mag die jaar vir u ryk wees aan geluk; mag u begenadig word om die teenslae te verdra; mag die Here Sy seën skenk oor Suid-Afrika.

MNR. C. J. F. HUMAN LID VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

Mnr. C. J. F. Human, besturende direkteur van Federale Volksbeleggings Beperk, is deur die Regering aangestel as lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch. Die aanstelling geld van 1 September en sal duur tot 1 April 1970 vir die onverstreke deel van die dienstydperk van mnr. J. W. Sleigh, wat om gesondheidsredes uit die Raad bedank het.

Ons Eer Hul Nagedagtenis

Dr. Eric Hendrik Louw (B.A. Stell.), kampvegter vir Suid-Afrika, is op 24 Junie 1968 oorlede en 'n kleurryke lewe is afgesluit. Hy was advokaat, handelaar, volksraadslid, diplomaat en minister — steeds in die midde van die gevegte vir sy land. Hy was bruisend met energie tot onvermoeide arbeid, en met vaderlandsliefde tot jarelange toewyding aan die Afrikaner — en die Volksaak.

Dr. E. H. Louw. (Foto : Die Burger.)



Van 1924, toe die eerste Nasionale regering aan die bewind gekom het en hy as volksraadslid vir Beaufort-Wes gekies is, tot sy uittrede in 1964, was hy 'n alombekende figuur wat sy stempel gelaat het op die politieke en ekonomiese lewe van ons land.

Eric Louw is op 21 November 1890 op Jacobsdal gebore, het skoolgegaan op Beaufort-Wes en sy B.A. aan die Victoria-Kollege behaal. In 1918 is hy met mej. Anna Snyman getroud en uit die huwelik is Jan (oorlede) en adv. Martin Louw gebore. In 1962 het die Universiteit van Pretoria aan hom 'n eredoktorsgraad oorhandig.

Mnr. F. A. Deale, jare lank die Hoëveldse Streeksdirekteur van die Departement van Landbou-tegniese Dienste, is op 26 Augustus vanjaar in die ouderdom van 62 jaar oorlede. Hy het die B.Sc. (Agric.)-graad op Stellenbosch behaal en later in die Nederlande verder in landbou-ingenieurswese gestudeer. Hy word oorleef deur sy getroude seun, twee getroude dogters en tien kleinkinders.

BORSBEELD VAN PROF. FRED ENGELEN

Die Fred Engelen Gedenkfondskomitee het 'n borsbeeld van wyle prof. Engelen aan die Universiteit geskenk om in die H. B. Thom-teater geplaas te word.

Die amptelike oorhandiging van die borsbeeld is op 9 September, vóór die aanvang van die opvoering Richard III in die H. B. Thom-teater, gedoen.

Ons Historiese Agtergrond

In 'n lesing onder beskerming van *Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika* het prof. H. B. Thom op 15 Oktober 1968 te Stellenbosch 'n filosofies-geskiedkundige beskouing gegee van die herkoms van hoofpunte in die Afrikaner se oortuiginge, veral op godsdienstige en staatkundige gebied.

As stelling het hy neergelê dat hy glo in die verbondenheid van die individu, die groep of die volk met sy eie verlede, en in die betekenis daarvan vir die bestaan van die individu, die groep of die volk. Ons verbondenheid met ons geskiedenis sien ons op tal van terreine. Dit is 'n volk se verlede wat hom in hoë mate die perspektief op sy hede en sy toekoms gee. 'n Volk wat sy geskiedenis nie ken nie, is soos 'n mens wat sy geheue verloor het. 'n Mens neem in jou denke veel van jou geskiedenis op, en jy word daardeur beïnvloed, selfs sonder dat jy daarvan bewus is.

DIE DIEPER GEESTELIKE KRAGTE

Prof. Thom het hom voorts bepaal by die dieper geestelike kragte wat agter die sigbare, stoflike dinge lê – oortuiginge, begrippe, stelsels en beginsels. Aan die hand van veral twee gebiede het hy voorbeelde gegee van ons historiese verbondenheid. Die eerste is ons godsdiens, en die tweede ons staatkundige denke. Hier het hy in die eerste plaas aan dié van die Afrikaner gedink, ofskoon in sekere opsigte in hierdie verband 'n mate van ooreenstemming gevind sal word tussen die Afrikaner en die Engelssprekende hier te lande.

Wat ons godsdiens betref, moet ons teruggaan na die tyd van die groot Kerkhervorming. In 1517 het Luther sy 95 stellinge bekend gemaak, en daarmee het die onstuitbare Kerkhervorming begin. Na Luther het ander kerkhervormers gekom, van wie Calvyn die bekendste en – vir ons Afrikaners – die vernaamste is.

CALVINISME EN ONTWIKKELING

Die Calvinisme is 'n strenge geloof, maar geensins, soos sommige mense meen, 'n verstarrende, noodwendig inperkende stelsel nie. In die Calvinisme kry jy wel *ontwikkeling*, maar in werklikheid min *verandering*, want sekere beginsels bly altyd vas staan. Jy aanvaar wat uit die Skrif bewys kan word; jy glo in die reg van die individu om self die Heilige Skrif te lees, en jy glo in die leer van die voorbeskikking.

Die groot beginsels van die Calvinisme is deur die inwoners van die Noordelike Nederlande aanvaar, en hulle het hartstogtelik daarby gestaan. In die Tagtigjarige Oorlog het hulle teen Spanje verset, om eindelik by die Vrede van Munster (Westfalen) as die Republiek van die Verenigde Nederlande in 1648 hulle vryheid te verkry. Op godsdienstige en staatkundige terrein was hierdie vrede vir hulle een van hulle glorierykste oorwinnings.

Dit is merkwaardig dat uit daardie selfde Nederlande Jan van Riebeeck en sy mense *vier* jaar later aan die Kaap aankom om die volksplanting hier te stig. Vanselfsprekend het hulle die godsdiens van die sewentiende-eeuse Nederlande met hulle saamgebring.

VAN RIEBEECK AS CALVINIS

Van Riebeeck het strenge Calvinistiese opvattinge gehuldig, en die feit dat hy in die diens gestaan het van 'n maatskappy wat na stoflike winste gesoek het, het nie aan sy godsdienstige opvattinge verander nie. Sy Raadsvergaderinge is bv. altyd met gebed geopen; en van sy mense het hy steeds geëis dat hulle maaltye met 'n tafelgebed begin. Hy het ook die behoefte gevoel om die dag van sy aankoms aan die Kaap, 6 April, as 'n openbare dank- en biddag te gedenk. Op 6 April 1654 het sy Politieke Raad aan die Kaap 'n besluit geneem dat die dag van hulle aankoms altyd as 'n openbare „danck ende bededach" gehou sal word. Verskeie

jare lank is dit ook gedoen, ofskoon die gebruik later verval het.

CALVINISME STEL HOË EISE

In 1688–89 het honderd-en-vyftig Franse Hugenote hier aangekom – ook Calviniste, en baie oortuigde mense, hoewel brandarm vlugtelinge. Die gevestigde destydse burgerbevolking het toe nog maar 600 getel, sodat die Hugenote in werklikheid 20% van die totale burgerbevolking uitgemaak het. Onder die tydsomstandighede gesien, was hulle getal dus aansienlik, en dit, tesame met die groot gesinne waarvoor hulle bekend was, het meegebring dat hulle verreikende invloed in ons geskiedenis kon uitoefen.

Die Hugenote was sterk mense, mense met 'n hoë waardering vir geestelike waardes. Hulle was nog maar pas hier, toe eis hulle 'n skool vir hulle kinders asook hulle eie gemeente. Ofskoon daar aanvanklik meningsverskille tussen Hugenote en die Hollands-Afrikaanse koloniste was, is hulle veral deur hulle gemeenskaplike Calvinistiese geloof nader na mekaar toe getrek en het daar spoedig ondertrouery plaasgevind, sodat die twee groepe binne betreklik korte tyd één geword het.

Calvinisme stel hoë eise, maar dit is – soos ons dikwels sien – juis strenge eise wat oortuigde mense trek en deur hulle geëerbiedig word. Die oorgrote meerderheid van Afrikaners het tot vandag toe Calviniste gebly, en dit is dan ook geen toeval nie dat ons drie erkende Afrikaanse Kerke vandag op 'n reformatories Calvinistiese grondslag staan.

CALVINISME EN DEMOKRASIE

Ons staatkundige denke is ook deur die Calvinisme beinvloed. Die klem wat die Calvinisme op die reg van die individu in die godsdiens lê, word op die gebied van die staatkunde oorgedra; en dit het demokratiese denke tot gevolg, want as 'n mens op die staatkundige terrein die reg van die individu beklemtoon, moet jy by die demokrasie uitkom. Dit is dus nie vreemd nie dat Calviniste vrywel oral in die wêreld demokrate was en is.

In Frankryk het die Calviniste 'n worstelstryd vir hulle geloof, maar ook vir hulle staatkundige regte, gevoer. Die Edik van Nantes het aan hulle geloofsvryheid toegeken (behalwe in sekere stede wat spesiaal genoem is), maar ook vrye stede. Kardinaal Richelieu wou juis 'n einde maak aan die vryheid wat die Hugenote (veral in hulle vrye stede) geniet het, 'n vryheid wat hy as 'n vreemde soort onafhanklikheid beskou het. Hy wou die Franse staat afrond tot sy bekende leer van : *Une foi, une loi, un roi* (één geloof, één wet, één koning). Dit het gelei tot die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, en die vlug van talle van die Hugenote weens die daaropvolgende vervolging.

Die demokratiese denke wat ons by baie Calviniste vind, het op treffende wyse ook onder Afrikaners uitdrukking gevind. In die eerste bestuursreëling van die Voortrekkers by Thaba Nchu is neergelê dat die regeringsmag onderhewig sal wees aan die volkswil. Sewe persone is met geslote stembriefies gekies as verteenwoordigers van die volk, en daar is bepaal dat die individu se persoonlike vryheid gerespekteer sal word. Dieselfde gees word weerspieël in die vroeë grondwette van die O.V.S. (1854) en die Z.A.R. (1858). Ons vind oral dat, waar die Afrikaner sy eie regeringsvorm geskep het, dit demokraties van aard was, en by voorkeur republikeins.

Vir die oorgrote meerderheid van Afrikaners was die monargale staatstelsel iets vreemds. Ons Republiek wat in 1961 ontstaan het, het geensins toevallig gekom nie, maar daar het inderdaad 'n baie lang voorgeskiede-

Prof. H. B. Thom in sy studeerkamer.

nis daaraan voorafgegaan. Dit het in hoë mate gegroei uit die verre verlede van die demokratiese denkbeelde van ons vroeë Calvinistiese voorsate.

DIE ENGELSE DEMOKRATIESE TRADISIE

Ook ons Engelssprekende medeburgers se tradisie is in hierdie verband van belang. Hulle het van 'n land gekom waar daar deur baie jare heen 'n proses van evolusie en demokratisering van die regeringsvorm aan die werk was.

Hierdie proses is op Suid-Afrika oorgedra. In die ou Kaapland het Engelssprekendes hulle deel bygedra tot die demokratisering van die bestuur. Later vind ons dat genl. Hertzog in 1926 terugkeer van die eerste Rykskonferensie, nadat die Balfour-verklaring aangeneem is waarin neergelê word dat, ofskoon die Britse Dominiums met mekaar verbind word deur 'n gemeenskaplike Kroon, hulle aan mekaar gelyk is wat betref politieke status. Die Statuut van Westminster (1931) en die Statuswette (1934) het die proses van demokratisering nog verder gevoer.

Sekere historiese faktore het dus vorm gegee aan wat ons vandag om ons sien, en wat vir ons aantoon hoedat ons in ons verlede geanker is.

CALVINIS EN AFRIKANER

Baie ander terreine sou genoem kon word, soos die betrekkinge tussen blank en nie-blank, wat ons bring by die beleid van skeiding en aparte ontwikkeling; ons opvattinge oor die huisgesin en die familieband; en ons opvattinge i.v.m. die onderwys, wat ons weer sal bring by Calvyn, wat o.a. geleer het dat, in die godsdiens, leiding geneem moet word deur goed-onderlegde leraars aan goed-ontwikkelde gemeentes. Terloops, daarom is dit nie vreemd nie dat – soos reeds opgemerk is – die Hugenote in Suid-Afrika al baie vroeg om 'n skool vir hulle kinders gevra het.

Prof. Thom het beklemtoon dat die Afrikaner, deur sy geskiedenis gevorm is om *Calvinis* en *Afrikaner* te wees.

Om te verwag dat ons in Suid-Afrika binne korte tyd – hoe graag 'n mens dit ook al sou wil sien – één volk, met één kultuur en één taal sal hê, sou niks anders as vrome wensdenkery wees nie.

VOLK EN NASIE

Daar word in Afrikaans onderskei tussen *volk* en *nasie*. *Volk* is 'n intiemer groep; *nasie* 'n ruimer begrip. 'n Suid-Afrikaanse nasie kan bestaan uit verskillende volksgroepe, net soos die Switserse nasie uit dele van verskillende volke bestaan. Spreker sal nooit sê dat ons in Suid-Afrika nie 'n verenigde nasie kan hê nie; inteendeel, hy meen dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes aan 'n Suid-Afrikaanse nasie kan bou – en dit inderdaad ook reeds doen – vanweë so baie dinge wat hulle nader na mekaar toe bring. Dit beteken egter geensins dat die Afrikaners as 'n volksgroep hulle identiteit sal hoef in te boet nie.

VOLKSWORDING LANGS TRANE EN SMART

'n Mens moet nie verwag dat die proses van nasievorming altyd maklik en vlot sal verloop nie. 'n Mens kan nie die feite van jou verlede verdoesel nie. In musea in bv. Oos-Londen, Grahamstad en Fort Beaufort vind 'n mens die bewyse dat die Setlaars van 1820 vrywel dag na dag in 'n stryd op lewe en dood teen die aanvalle van Naturelle moes worstel. Dit is feite wat nie weggeredeneer kan word nie.

As ons in bv. Bloemfontein kom, by die Oorlogsmuseum, sien ons die bewyse van die worstelstryd van die Vrystaatse en die Zuid-Afrikaanse Republiek teen die oormag van die destydse Britse Ryk. Wanneer jy by sulke plekke staan, is jy geneig om gespanne en soms selfs verbitterd te voel, maar 'n mens moet besef dat daar seker geen nasie ter wêreld is, vir wie die proses van nasiewording soos 'n gladde, goed-gesmeerde masjien verloop het nie. Volkswording is in die reël 'n lang proses, 'n proses van trane en smart.

SINVOLLE VERTOLKING

Maar as 'n mens begryp dat jy in dit alles die uitwerking sien van groot kragte van die verlede, kan jy daarin ook jou verbondenheid met jou geskiedenis lees. As jy dit sinvol vir jouself vertolk, en daarin ook jou verantwoordelikheid teenoor jou land en jou nasie sien, sal jy langs dié weg tot 'n dieper en beter begrip van jou verlede kom.

Prof. Thom het ten slotte die vertroue uitgespreek dat ons almal ons steeds bewus sal bly van die groot en mooi dinge wat uit ons verlede tot ons kom, al is dit ook só dat ons dikwels geneig is om dit nie raak te sien nie.

[Prof. Thom het bostaande opsomming van sy toespraak vóór publikasie gesien; hy gaan akkoord daarmee. Red.]

Die K.M.R. Spektrometer

In resente tye is daar 'n toenemende eis vir verhoogde kwaliteit in die graangewasse en veral vir 'n verbetering in hulle voedingswaarde. In hierdie opsig is 'n belangrike deurbraak verkry met die ontdekking dat sekere genetiese faktore soos die opaque-2-geen die voedingskwaliteit van mielies verbeter. Navorsing word wêreldwyd aangepak om hierdie sogenaamde hoë lisienmielies beskikbaar te stel. Die proteïne in die kiem van die mieliepit is natuurlikerwyse van 'n hoë gehalte en aansienlike verbetering in die voedingswaarde van mielies kan verkry word deur 'n verhoging van die hoeveelheid kiem in die pit.

'n Bevredigende en betroubare maatstaf van relatiewe kiemgrootte word weergegee deur die persentasie olie in die pit, want feitlik al die vette van die graan kom in die kiem voor. Suksesvolle seleksie vir 'n verhoogde olie-inhoud sal dus lei tot groter kieme en derhalwe tot meer proteïen van die gebalanseerde soort in die pit.

Onlangs het hoogs doeltreffende instrumente beskikbaar geword waarmee die olie-inhoud van die pit beraam kan word sonder om die graan te vernietig of sy ontkiemingsvermoë te beskadig. Dit beteken dat daardie pitte met die hoogste oliewaardes aangeplant kan word om meerwaardige nageslagte te lewer, want die oorerflikheid van olie-inhoud is redelik hoog. Op hierdie manier kan die teelproses nie alleen versnel word nie, maar ook doeltreffender gemaak word.

Die beginsel betrokke by hierdie metode van analise berus daarop dat die kerne van sommige atome waaruit molekule in die sade saamgestel is, magnetiese momente besit. Van hierdie eienskap word gebruik gemaak by die ondersoek van sulke molukule onder die invloed van die sterk magneetveld van 'n kernmagnetiese resonansiespektrometer. Hiermee kan dan bestudeer word hoe 'n magneetveld hierdie kerne beïnvloed en dit lewer inligting oor die aantal, sowel as die aard van die betrokke atome in die molekule, m.a.w. die tegniek

V.l.n.r. *Mnr. H. C. A. Keyter, L.V. en Voorsitter van die Mielieraad, prof. H. B. Thom (Rektor), mnr. G. J. Bothma (vise-voorsitter van die Mielieraad), dr. A. P. Scholtz (bestuurder van die Mielieraad), prof. F. X. Laubscher (hoogleraar in Erflikheidsleer) en prof. E. F. C. H. Rohwer (hoogleraar in Anorganiese Chemie).*



kan vir sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe analises gebruik word.

Omdat die Mielieraad daar belang by het dat die mielie-oes verbeter word wat betref sy proteïengehalte, wat grotendeels die voedingswaarde bepaal, is besluit om 'n hoë resolusie Varian Model HA.60 kernmagnetiese resonansiespektrometer aan die Universiteit van Stellenbosch beskikbaar te stel sodat die analitiese werk wat vir die mielie-teelprogramme van die Departement van Landbou benodig word, behoorlik versorg kan word.

Professor M. J. de Vries het spesiaal na Kalifornië gegaan om die apparaat te kalibreer.

Die Voorsitter van die Mielieraad, mnr. H. C. A. Keyter, L.V., het op 29 Oktober 1968 tydens 'n plegtigheid in die De Beers-gebou vir Chemie van die Universiteit van Stellenbosch, waar hierdie instrument in 'n lugversorgde lokaal gehuisves is, die K.M.R.-Spektrometer amptelik aan die Universiteit vir navorsingsdoeleindes beskikbaar gestel.

Met 'n gepaste woord oor die belangrikheid en voordeel van samewerking tussen die Universiteit en openbare liggame vir wetenskaplike navorsing, beide ten behoewe van die nywerheid sowel as vir die uitbouing van kennis, het die Rektor, prof. H. B. Thom, die apparaat namens die Universiteit in ontvangs geneem. Die apparaat is geïnstalleer teen 'n totale koste van R56,000. Die Universiteit is verantwoordelik vir die lopende koste wat R5,000 per jaar sal bedra.

Prof. M. J. de Vries, hoogleraar in Fisiese Chemie, verduidelik die werking van die spektrometer.



Die Elektronmikroskoop

In die loop van 1967 is 'n nuwe elektronmikroskoop deur die Universiteit van Stellenbosch aangekoop vir navorsing in sy Natuurwetenskapdepartemente. Die instrument word gehuisves en versorg in die Fisikadepartement, waar voorts ook onder andere onderrig gegee en navorsing gedoen word in die Fisika van die Vastetoestand, 'n afdeling van die Fisika wat in die hedendaagse tyd met rasse skrede ontwikkel. Hierdie snelle vooruitgang is ook grootliks te danke aan navorsing wat met behulp van die elekronmikroskoop in die afgelope paar jaar gedoen is.

WAAROM 'N ELEKTRONMIKROSKOOP?

Vir baie jare is die gewone ligmikroskoop in verskeie vertakkinge van die Natuurwetenskap gebruik om besonderhede wat vir die blote oog onsigbaar is, te vergroot (sien fig. 1 (a)). Die oplosvermoë van so 'n instrument, naamlik die kleinste afstand tussen twee punte wat nog *as twee afsonderlike punte* gesien kan word, word gegee deur die eenvoudige formule

$$\delta = \frac{\lambda}{2\mu \sin \alpha} \quad \ldots \ldots \ldots \ldots \ldots \quad (1)$$

waar $\mu \sim 1.25$ en $\sin \alpha \sim 1.0$ konstantes is, met λ die golflengte van die lig wat in die mikroskoop gebruik word. Uit hierdie formule is dit duidelik dat, omdat die golflengte van sigbare lig ongeveer 5,000 Ångstroms (Å) is, die oplosvermoë van die gewone ligmikroskoop nie beter as 2,000 Å kan wees nie, met ander woorde vir baie jare was voorwerpe met dimensies kleiner as 2,000 Å nooit direk waarneembaar nie, en moes studies op sulke voorwerpe altyd op indirekte wyse geskied met die nadeel van moontlike verkeerde interpretasie van resultate (1 Å = een honderd-miljoenste van 'n sentimeter).

Die oplossing vir bogenoemde resolusie-probleem is vervat in dieselfde formule (1), want deur die golflengte λ van die bestralingsgolwe (liggolwe in die geval van die ligmikroskoop hierbo bespreek) kleiner te maak, kan die oplosvermoë δ ook gebring word na kleiner waardes. Dit is by hierdie punt dat die toevlug na elektrone as bestralingsgolwe in plaas van liggolwe geneem is, aangesien 'n bewegende bundel elektrone beskou kan word as 'n golfbeweging met golflengte λ wat omgekeerd eweredig is aan die snelheid waarteen die elektrone voortbeweeg. Deur aan die bundel elektrone 'n hoë snelheid te gee met behulp van 'n elektriese spanning van ongeveer 100,000 volt, word 'n golflengte van $\lambda = 0.04$ Å vir die bundel elektrone verkry. So 'n mikroskoop, waarby die „lig" nou 'n bundel elektrone is, heet tereg ook 'n *elektronmikroskoop*. Op die oog af lyk dit nou volgens formule (1) asof ons met behulp van 'n bundel snelbewegende elektrone



Fig. 1. Skematiese voorstelling van die stralegang in 'n (a) gewone optiese mikroskoop, en (b) elektronmikroskoop.



Dr. S. Kritzinger (links) en dr. D. J. Marais by die elektronmikroskoop.

Ångstrom van mekaar is. So voorspoedig is dit egter voorwerpe kan onderskei wat baie nader as een nie, want op hierdie gebied van fyn waarnemings is daar uit die aard van die saak baie ander verdere faktore wat nou die limiet van oplosvermoë bepaal, sodat die beste hedendaagse elektronmikroskope in staat is tot 'n oplosvermoë van ongeveer 3 Å, d.w.s. twee voorwerpe in 'n geskikte monster wat drie Ångstroms van mekaar verwyder is, kan nou as twee aparte punte waargeneem word.

HOE LYK 'N ELEKTRONMIKROSKOOP?

'n Elektronmikroskoop bestaan uit 'n elektrone-bron en 'n versameling van lense, almal ingesluit in 'n geëvakueerde kolom of buis, soos skematies aangetoon in fig. 1 (b). Die optiese rangskikking is soortgelyk aan dié van 'n gewone ligmikroskoop soos duidelik blyk uit 'n vergelyking van figure 1 (a) en (b). Omdat 'n elektron 'n negatiewe lading dra, kan sy baan van beweging beïnvloed word deur 'n magneetveld, waaruit dit dan ook onmiddellik duidelik is waarom die lense van die elektronmikroskoop elektromagneties van aard is, d.w.s. stroomdraende spoele omring deur sagte yster met 'n nou gaping in die middel. Sulke elektromagnetiese lense het die groot voordeel dat hulle brandwydte veranderbaar is deur die elektriese stroom in die spoele te verander. Dus, deur slegs 'n knoppie op die kontrolepaneel te draai, kan 'n sterker of swakker vergroting in die elektronmikroskoop verkry word. Die ruimte binne die vertikale kolom van die mikroskoop, d.w.s. die pad waarlangs die elektronbundel trek, moet onder 'n vakuum van ongeveer 10^{-5} mm. kwik verkeer omdat 'n elektron baie maklik uit sy pad verstrooi kan word indien hy op sy weg teen lugmolekules bots.

HOE WERK 'N ELEKTRONMIKROSKOOP?

Die elektronbundel van 'n elektronmikroskoop moet dwarsdeur die monster dring en val na transmissie op 'n sinksulfiedskerm wat 'n fluoresserende beeld van die monster gee, amper soos 'n beeld op 'n televisieskerm. Indien daar 'n klein voorwerpie binne die monster is wat 'n gedeelte van die invallende elektrone voorkeer of absorbeer, sal daar op die skerm 'n ooreenkomstige gebied wees waar daar minder elektrone inval, d.w.s. minder fluoressensie sodat ons die gewaarwording van 'n „swart" kol op 'n origens helder verligte skerm kry. Deur die fluoresserende skerm uit die bundel elektrone weg te skuif, kan dieselfde elektrone toegelaat word om op 'n fotografiese plaat te val, om sodoende 'n permanente rekord van die beeld te gee. Die swart en wit kontras wat op hierdie wyse verkry word, heet dan tereg ook *absorpsiekontras,* en word gebruik by die studie van biologiese monsters wat normaalweg niekristallyn van aard is.

In die Vastetoestand Fisika en in Fisiese Metallurgie is die monsters heel dikwels metale of allooie, sodat hulle baie dun gemaak moet word op 'n soms moeilike wyse ten einde die elektrone nog te kan toelaat om dwarsdeur die monster te gaan. Alle metale en allooie is verder kristallyn van aard, sodat, afgesien van absorpsie van die invallende elektrone, daar ook nog elektrondiffraksie plaasvind, d.w.s. 'n gedeelte van die invallende bundel elektrone word soms weggebuig uit sy oorspronklike bewegingsrigting deur 'n defek in die monster. Indien die weggebuigde deel van die elektrone nou afgesny word, d.w.s. nie toegelaat

word om op die fluoressensieskerm te val nie, vertoon die gebied waarvandaan die elektrone weggebuig was, ook „swart" in vergelyking met die res van die omgewing. Dit lewer 'n ander vorm van kontras, genaamd *diffraksiekontras,* wat ons by uitstek in die Vastetoestand Fisika gebruik.

WAARVOOR WORD DIE ELEKTRONMIKROSKOOP GEBRUIK?

Die elektronmikroskoop word vandag beskou as een van die mees moderne en mees onontbeerlike instrumente vir die studie van die struktuur van biologiese materiaal sowel as vaste stowwe soos metale en ander kristalle. In die besonder gebruik ons dit in die Fisikadepartement op Stellenbosch om die gedrag van defekte in metale en allooie te bestudeer. Hierdie defekte is geheel en al ontoeganklik vir die oog alleen in dié sin dat hulle nie op die oppervlakte van die monster geleë is nie, maar wel *binne* in die metaal waar die elektrone vir ons die informasie gaan „uithaal". Uit so 'n studie van defekte kry ons baie gegewens aangaande diffusie in die metaal by verskillende temperature, asook die waardes van sekere konstantes.

Fig. 3. Elektronmikrograaf van verskillende soorte defekte in 'n A1-0.65% Mg allooi, soos waargeneem in die elektronmikroskoop. Vergroting: x 80,000.





Fig. 4. Elektronmikrograaf wat 'n defek met besondere interne struktuur aantoon in 'n A1-0.65% Mg allooi. Vergroting: x 80,000.

Die elektronmikroskoop is in staat om 'n klein voorwerp tot 'n halfmiljoen keer te vergroot in vergelyking met die skaars 1,500 keer vir 'n gewone ligmikroskoop en dan kan die permanente negatief boonop fotografies na wense vergroot word tot 'n addisionele sowat 10 keer, wat 'n finale vergroting van 5 miljoen keer gee. ('n Vuurhoutjie van anderhalfduim sal ná 'n vergroting van 5 miljoen keer 'n totale lengte van amper 120 myl hê!) Dit is egter in uitsonderlike gevalle dat ons in die Vastetoestand Fisika tot sulke hoë vergrotings gaan, aangesien meeste van die sekondêre defekte met behulp van 'n vergroting van 20,000 tot 100,000 sigbaar is. In Figure 3 en 4 kan voorbeelde gesien word van defekte in Al-Mg allooie soos waargeneem in die elektronmikroskoop.

Op die gebied van die biologiese wetenskappe word die elektronmikroskoop veral gebruik vir navorsing aangaande virusse, sowel as vir die ontrafeling van sub-mikroskopiese insluitsels in die selle van plante, diere en die mens. Die toepassingsgebiede vir die elektronmikroskoop brei nog voortdurend uit soos wat die tegnieke vir monstervoorbereiding vorder.

DR. S. KRITZINGER

Die Stellenbosch-Museum (Grosvenor-Huis)

Oud-Maties sal hulle oë uitvrywe om die gedaantewisseling wat die ou Grosvenor-huis ondergaan het — van die minder roemryke losieshuis na die atmosfeerryke „woning" — te aanskou, want die Stellenbosch-museum dra weer die waardige en kalme deftigheid van 'n herewoning uit die laaste deel van die agtiende eeu. Die gebou is met liefde, oorleg en historiese insig herstel en gemeubileer.

Vra maar om in die kantoor van die kurator die balke te sien wat met 'n dissel gekap is. ('n Dissel (sien die W.A.T.) is 'n tipe byl waarmee 'n mens jou eie kruisbande agter jou rug kan afkap as jy nie daarmee geoefen is nie.)

Vandag het Stellenbosch „Die Eikestadnuus" om die inwoners op die hoogte te hou van plaaslike gebeure, maar voorheen het die omroeper met sy klok deur die strate geloop om die nuus aan te kondig. Die klok het die omroepers oorlewe en is ook te sien.

Oud-studente van wyle dr. Carel van der Merwe kan die hemelbed sien waarop hy en sy eggenote geslaap het. Dit mag dalk help om lig te werp op die professore van u dae.

Maties van 1930 en vroeër onthou dalk nog hoe op die koningin se verjaardag 'n aantal sinjaalkanonnetjies deur die stadsvaders op die Braak afgevuur is as blyke van lojaliteit. Rondom 1933 het 'n kanonnetjie uitmekaar gebars en is die gewoonte gestaak. Dit was duidelik dat die kruit van die twintigste eeu en die

N.G. Moederkerk *Die Waenhuis* *Die Museum*

bronskanonne van vaandrig Oloff Bergh nie met mekaar geakkordeer het nie. Verskeie van die kanonnetjies (c. 1680) wat o.a. die wapen van vaandrig Bergh, bevelvoerder van die Kaapse Garisoen, dra, is nog te sien. Twee is op kanononderstelle en die wiele is van die „kommetjie"-ontwerp soos die trekkersdae se ossewaens.

Oud-Maties wat nie die museum kan besoek nie, kan gerus van die kurator, mnr. H. Fransen, Stellenbosch-museum, die uiters interessante beskrywende en geïllustreerde gids teen 50c elk bestel. Talle foto's toon o.a. Stellenbosch uit die jaar 1757; die skildery van die gesin van kaptein Hendrik Storm elkeen met sy/haar persoonlike slaaf daarby (c. 1760); die siekewaentjie wat bestaan uit 'n draagbaar met seilkappie, op drie wiele (c. 1850); die ou koperbak brandspuit met sy dubbele pomp en wiele waarvan die speke in pare gerangskik is (c. 1750), tesame met foto's van die vernaamste historiese huise en interessante beskrywinkies, ook van historiese plaashuise, vergesel van 'n kaart van die ligging van geskiedkundige plekke in die omgewing. . . . en stap maar deur na die rustige tuin!

Leermeester in die Klassieke Reis in die Nuwe Wêreld

Van San Francisco tot by Istanboel het ek op die mees onverwagte plekke oud-Maties raakgeloop.

In ons hotel in Parys is ons begroet deur 'n jong dame, wat so pas by ons Ambassade begin werk het met die woorde: „Maar ek was ook by Professor in die klas".

Een van die eerste persone wat ons in Philadelphia (V.S.A.) by ons aankoms daar gebel het, was Jan Lange, wat 'n M-graad in Beplanning daar volg. Hy en sy vrou is albei oud-Maties. In San Francisco loop ons vir Beukes by die Suid-Afrikaanse Konsulaat raak. Hy was nog onlangs saam met my in Huis Marais, waar ek inwonende hoof was.

OUD-IKEY OMRING VAN OUD-MATIES

In Washington sê mnr. Taswell, ons knap ambassadeur in die V.S.A., 'n Oud-Ikey, goedig-skertsend terwyl hy na die portrette van ons Eerste Ministers in sy kantoor wys, „Kyk nou net hoe omring van Maties is ek hier!" In die Ambassade is dit letterlik so met Daantjie Olivier (minister), Wallie Meyer (Inligting), hul vrouens en etlike ander. Op 'n geselligheid by Daantjie Olivier se huis was daar nie minder as vyf van my oud-studente nie.

In Frankfurt, Duitsland, praat ons 'n lang tyd Duits met mej. Erasmus in die kantoor van SATOER, totdat ons skielik ontdek dat ons almal oud-Maties is. In Rome het Prins, Sekretaris van die Ambassade, en sy vrou ons onthaal in 'n pragtige restourant buite die stad.

VAN LATYN GEPRAAT

Dit het nogal sy kompensasies om op Stellenbosch Latyn te doseer, want baie oud-studente beland in die diplomatieke diens en op jou reise loop jy hul orals raak. Van Latyn gepraat — dit was eintlik die hoofdoel van my besoek aan die V.S.A. om te sien watter rol die Klassieke in die opvoedkundige sisteem van dié land speel en om te bestudeer watter metodes gebruik word om veral die taalonderrig doeltreffend te maak. Met die oog op die onlangse installering van 'n taallaboratorium by die U.S. was ek ook gretig om meer hiervan te leer.

KULTURELE BASIS

Hoewel die studie van die Klassieke, soos in alle Westerse lande, sterk agteruitgegaan het in die skole van die V.S.A., is daar nietemin 'n sterk oortuiging, ook by nie-Klassici, dat die sekondêre opvoedingstelsel steeds 'n breë kulturele basis moet behou en dat die Klassieke, by name Latyn, nie hierin ontbeer kan word

nie. 'n Interessante verskynsel, wat ook by ons op te merk is, is dat die belangstelling vir die vak op universitêre peil baie toegeneem het, soos blyk uit die toename in die getal doktorsgrade in die Klassieke aan vooraanstaande Universiteite soos Harvard, Yale, Pennsylvania (Philadelphia) en andere.

Daar is, behalwe verskillende Klassieke Verenigings, een landswye oorkoepelende organisasie, die American Classical League (ACL) wat tans omvattende aksies op tou sit om die posisie van Latyn op skool te versterk.

DIE „SINE QUA NON" VIR DIE OPGEVOEDE

Die gedagte agter hierdie aksies blyk o.a. uit die volgende aanhaling uit 'n rapport van een van die beplanningskonferensies :

„Latin for centuries was accepted without question as a subject *sine qua non* for the educated man. Now students and teachers are having to assess its worth impartially on its merits. Can an ancient language justify itself in today's curriculum? Many Latin teachers realize that its acceptance can no longer be taken for granted. Material and methods must be updated to make Latin desirable, if not indispensable, in the education of the modern student."

Enkele van die metodes wat toegepas word, is die invoering van Latyn reeds in die laerskool in „grades" 6 en 7 (ongeveer ons st. 5 en 6). In Washington D.C. het Dr. Judith Le Bovit blykbaar groot sukses hiermee gehad. Binne 'n jaar het die getalle wat Latyn neem met 75% gestyg. Sy sien Latyn as 'n verryking en 'n hulp vir Engels en ander taalstudie.

Daar word verder nadruk gelê op mondelinge oefening en die gebruik van oudio-visuele middels, o.a. die taallaboratorium by die aanleer van die taal.

Die oorwegende indruk wat ek van die V.S.A. weggedra het, is dat Latyn nie somaar sal uitsterf as 'n element in die hoërskoolleerplan nie.

F. SMUTS

(Professor Smuts het in die eerste helfte van die jaar die V.S.A. besoek onder die V.S.A.-S.A. Leierskap Uitruilprogram. – Red.)

Nuwe Deel (Nr. 5) van Die Afrikaanse Woordeboek

Op 29 Julie 1968 het die Minister van Nasionale Opvoeding, sen. J. de Klerk, die verskyning van Deel V van die Afrikaanse Woordeboek aangekondig. Daarmee is nog 'n skof gevorder op die lang pad van die optekening en verklaring van die Afrikaanse woordeskat waarmee reeds in 1926 onder leiding van prof. J. J. Smith begin is. Die nuwe deel bevat die letter J en 'n gedeelte van K (tot by KJOU) en beslaan 776 bladsye. Die Woordeboekkantoor is in die Administrasiegebou van die Universiteit gevestig, en ons foto toon die huidige redaksie in die Woordeboekbiblioteek.

Voor v.l.n.r.: Mnr. L. H. Gericke, dr. F. J. Snijman (Hoofredakteur), prof. dr. H. B. Thom (Administrateur), mnr. D. C. Hauptfleisch (Assistent-hoofredakteur), mnr. G. H. Malherbe. Agter: Mnr. J. P. Coetsee, mnr. D. J. van Schalkwyk, mnr. J. P. Smuts, mnr. J. C. M. D. du Plessis, mnr. P. Harteveld, mnr. N. van Blerk (Senior Mederedakteur).



Nuwe Aanstellings

Direkteur: Dept. Drama en H. B. Thom-Teater

Die Universiteitsraad het die instelling van die nuwe pos van Direkteur van die Departement van Drama en die H. B. Thom-teater goedgekeur.

Hierdie pos is aan *mnr. Fred J. le Roux* aangebied, met ingang 1 Januarie 1969. Mnr. Le Roux volg wyle prof. Fred Engelen op wat verlede jaar oorlede is terwyl hy met besoek oorsee was.

Mnr. Le Roux het die graad B.A. met onderskeiding in 1934 asook die Sekondêre Onderwysdiploma, met onderskeiding, in 1935 aan die Universiteit van Kaapstad behaal.

Nadat mnr. Le Roux twee jaar in die onderwys gestaan het, het hy in 1938 in diens van die Nasionale Pers Beperk getree. Hy was 10 jaar redakteur van *Die Huisgenoot* en sedert 1949 van *Sarie Marais* en van *Fair Lady*.

Mnr. Le Roux is 'n bekende in toneelkringe en het



reeds in meer as 30 toneelstukke opgetree, veral in versdramas soos *Vergelegen, Voëlvry,* en *Periandros van Korinthe.* Hy is ook 'n bekende vertaler van 'n groot aantal kinderboeke en toneelstukke. Hy het ook wye ervaring as radiovoordragkunstenaar.

In 1956 het hy toneel in België en ander Europese lande bestudeer. In België het hy as toneelspeler opgetree in verskillende stukke onder leiding van wyle prof. Engelen.

Mnr. Le Roux is getroud en het twee kinders. Mev. Le Roux het ook 'n hele aantal jare ondervinding van toneelregie en as professionele toneelspeelster.

Mnr. H. S. Dreyer, B.Sc. Ing., M.B.A., is met ingang 1 September 1968 aangestel in die nuwe pos van Hoof Administratiewe Beampte (Siviele Ingenieur) in die Finansiële Afdeling.

Mnr. A. T. Möller, M.A., as lektor in Sielkunde.

Mnr. J. P. Groenewald, Hons.-B.A., as lektor in Sosiologie.

Mej. S. Irwin-Carruthers as lektrise in Fisioterapie.

Mnr. J. P. Theron, B.Comm., met ingang 1 Julie 1968 as Administratiewe Beampte by die sentrale administrasie van die Universiteit te Bellville.

Mnr. J. J. Marais, B.A., met ingang 1 Augustus 1968 as Administratiewe Beampte in die Akademiese Afdeling.

Mnr. W. A. Agenbach, B.Comm., met ingang 1 September 1968 as Administratiewe Beampte in die Finansiële Afdeling.

Professoraat in Duits

Prof. G. P. J. Trümpelmann, professor in Duits, wat aan die einde van 1968, by bereiking van die aftree-ouderdom, sy betrekking neerlê, is in die lig van besondere omstandighede deur die Raad vir 'n verdere termyn van een jaar (1969) aangestel as professor in Duits. Prof. Trümpelmann het ook van 1 Julie tot 31 Desember 1968 waargeneem as Direkteur van die Departement van Drama en die H. B. Thom-teater.

Dr. J. J. Degenaar, senior lektor in Staatsfilosofie is bevorder tot professor in Staatsfilosofie met ingang 1 Januarie 1969.

Johannes Jacobus Degenaar, geb. 7.3.1926 te Ladysmith, Natal, studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en word in 1948 aangestel aan dié Universiteit as dosent in Filosofie. Hy het te Groningen sy doktorale eksamen afgelê oor 'n gebied wat hoofsaaklik oor die eksistensialisme handel en met 'n skripsie oor Max Scheler se kritiek op die Etiek van Immanuel Kant. Hy het in Desember 1951 aan die Universiteit van Stellenbosch onder prof. J. F. Kirsten gepromoveer. Vanaf 1959 is dit aan hom opgedra om 'n nuwe kursus in Staatsfilosofie aan te bied. In 1961 het hy te Leiden verder gestudeer. Dr. Degenaar dien in die redaksie van *Die S.A. Tydskrif vir Wysbegeerte.*

Dr. W. B. Vosloo, senior lektor in Openbare Administrasie en hoof van die departement Openbare Administrasie en Staatsleer, is bevorder tot professor in Openbare Administrasie, met ingang 1 Januarie 1969.

Dr. Vosloo het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang waar hy die B.A.-graad (met lof) in 1956 en die M.A.-graad (met lof) (in Staatsleer en Administrasie) in 1960 behaal het. Die Ph.D.-graad het hy in 1965 aan die Universiteit van Cornell, V.S.A., op die proefskrif: „Collective Bargaining in the U.S. Federal Civil Service" behaal.

Dr. Vosloo is in 1957 aangestel as lektor in Staatsleer en Staatsadministrasie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Gedurende 1962-1965 het hy gedoseer en ook navorsing gedoen aan die Universiteit van Cornell. In 1966 is hy aangestel as senior lektor in Staatsleer en Openbare Administrasie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dr. Vosloo het reeds verskillende publikasies gelewer.

Dr. J. J. Degenaar

Dr. W. B. Vosloo

Vrystelling van Doseerpligte

Twee hoogleraars t.w. *proff. J. L. Sadie* en *M. G. Loubser* is vrygestel van doseerpligte sodat hulle voltydse hulp kan verleen aan die Kommissie van Ondersoek insake Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, waarheen hulle ook gesekondeer is. Prof. Sadie is vrygestel vir die tydperk 11 April tot 31 Desember 1968 en prof. Loubser van 21 Junie tot 30 November 1968.

Prof. C. F. G. Gunter, dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde, is deur die Universiteit van Stellenbosch vanaf 1 September vir 'n tydperk van drie maande losgemaak van sy pligte by die Universiteit ten einde hom in staat te stel om sy werksaamhede as lid van die Kommissie van Ondersoek na die Opleiding van Blanke Onderwysers uit te voer.

Dr. P. D. R. van Heerden na Persië: Persië het die Internasionale Atoomkragagentskap genader om 'n deskundige vir die opleiding van Persiese personeel op die gebied van radio-isotope. O.a. is die S.A. Atoomkragraad geraadpleeg wat die Universiteit van Stellenbosch om hulp gevra het.

Dr. Van Heerden, wat in die gesamentlike personeel van die Universiteit en die Provinsiale Administrasie aan die Karl Bremer-hospitaal dien, het ingewillig om die opleiding te gaan verskaf. Sy reiskoste en salaris sal uit Suid-Afrika betaal word.

Bevorderings

Mnr. A. J. van Tonder, senior administratiewe beampte in die finansiële afdeling van die Universiteitskantoor, is bevorder tot assistent-rekenmeester.

Mnr. G. J. P. Maas, administratiewe beampte in die finansiële afdeling van die Universiteitskantoor, is bevorder tot senior administratiewe beampte.

Mnr. P. E. Kotzé, navorser by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, is bevorder tot senior navorser en is ook benoem tot waarnemende hoof van die Buro.

Mnr. A. J. M. de Vries en mnr. D. J. van Walsem is bevorder tot navorsingsbeamptes by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Dr. S. Kritzinger tot senior lektor in Fisika.

Dr. G. F. C. de Bruyn tot senior lektor in Wiskunde.

Mnr. P. J. van Zijl tot senior lektor in Semitiese Tale.

Mnr. J. A. le Roux tot senior lektor in Sielkunde.

Mnr. F. J. J. Louw tot senior lektor in Opvoedkundige Sielkunde.

Dr. A. Muller, lektrise in Maatskaplike Werk tot senior lektrise in Maatskaplike Werk.

Dr. B. V. Burger tot senior lektor in Organiese Chemie.

Mnr. C. J. Calitz tot lektor in Bedryfsielkunde.

Mev. R. Ottermann tot lektrise in Huishoudkunde.

Mev. A. J. Korkie tot lektrise in Biblioteekkunde.

Mnr. M. S. Basson tot Administratiewe beampte in die Finansiële Afdeling van die Universiteitskantoor.

Die Dr. H.F.Verwoerd-Studiefonds

(Tjeks aan die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds, p.a. mnr. F. D. Conradie, L.U.K., Posbus 456, Kaapstad.)

Saldo oorgebring	R19,439.67
Oud-Maties van Sanlam, Sanlamhof, K.P. (Per mnr. G. du Plooy)	100.00
Die Scriba, N.G. Gemeente Bethlehem-Môrelig Bethlehem, O.V.S.	100.00
G. J. Coetzee, Suid-Afrika Huis, Londen ...	20.00
Ds. en Mev. A. J. Pienaar, Posbus 639, Johannesburg	12.00
Mnr. Johan Piek, Posbus 433, Stellenbosch ...	100.00
Mnr. L. F. le Roux, Posbus 6905, Johannesburg	10.00
Dr. W. W. M. Eiselen, Leruberg, Pk. Sovenga, Oor Pietersburg	5.00
31 Julie 1968. Totaal	R19,786.67

Kursusse

Die Universiteitsraad het die instelling van die volgende nuwe kursusse goedgekeur:

Gevorderde Diplomakursus in Geneeskundige Maatskaplike werk

'n Eenjarige gevorderde kursus in die Departement Maatskaplike Werk sal met ingang 1969 ingestel word, wat sal lei tot die verwerwing van 'n *Diploma in Geneeskundige Maatskaplike Werk.*

Alleen studente wat in besit is van 'n driejarige graad of diploma in maatskaplike werk sal tot die kursus toegelaat word.

Die kursus sal aangebied word vir een akademiese jaar by wyse van teoretiese voorlesings, seminaarklasse en praktiese veldwerk. Drie dae per week sal aan voorlesings/seminaarklasse bestee word, waarvan twee dae deur dosente van die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit behartig sal word, en een dag deur medici en paramedici by die opleidingshospitaal van die Universiteit. Twee dae per week sal aan praktika bestee word, sowel as twee weke tydens die wintervakansie.

Voornemende kandidate vir dié kursus kan volle besonderhede van die Universiteitskantoor kry.

Nagraadse Kursusse in Verpleegkunde

Goedkeuring is verleen tot die instelling van die volgende nuwe grade in die Fakulteit van Geneeskunde:

Hons.-B.A. in Verpleegkunde en M.A. in Verpleegkunde.

Onderwysdiploma in Arbeidsterapie

Die Universiteitsraad het besluit om 'n kursus vir die verkryging van 'n Onderwysdiploma in Arbeidsterapie (O.D.A.) aan die Universiteit in te stel. Die kursus sal oor twee jaar strek en die eerste jaar sal op Stellenbosch, en die tweede in Bellville aangebied word.

Tot die kursus sal slegs studente toegelaat word wat reeds 'n goedgekeurde kursus in Arbeidsterapie voltooi het, en wat minstens twee jaar ononderbroke praktiese ondervinding in 'n goedgekeurde hospitaal opgedoen het.

Rekenaarwetenskap

Die Universiteit het besluit om, in die lig van die groot ontwikkelinge op die gebied van rekenaars en die behoefte wat bestaan aan opgeleide persone met 'n gespesialiseerde kennis van rekenaars, 'n afsonderlike departement van Rekenaarwetenskap wat onder die Fakulteit van Natuurwetenskappe sal ressorteer, in die lewe te roep.

Nagraadse kursus in Farmakologiese Chemie

Die Universiteit het besluit om 'n Nagraadse Kursus in Farmakologiese Chemie in te stel. Studente wat in besit van 'n Baccalaureus-graad met Biochemie en Fisiologie as hoofvakke is, sal tot die kursus toegelaat word.

In breë trekke sal die kursus bestaan uit die algemene farmakologiese beginsels met betrekking tot die opname, verspreiding, metabolisme en uitskeiding van geneesmiddels; die molekulêre basis vir die meganisme waarvolgens middels werk; 'n breë indeling van geneesmiddels in farmakologiese groepe en die bestudering van struktuur-aktiwiteitsverwantskappe van 'n aantal uitgesoekte groepe, en spesiale onderwerpe.

Beurse

Die John Shiner-Stigting vir Bemarkingstudie

Baie goeie vriende van Suid-Afrika, mnr. en mev. John Shiner, tans van Kalifornië, V.S.A., het besluit om hulle hoë agting vir Suid-Afrika op 'n praktiese en voortdurende wyse te toon. Hulle het 'n Stigting vir Bemarkingstudie in die lewe geroep wat 'n buitengewone geleentheid bied aan jong manne en vroue wat vir ten minste vyf jaar in die bemarkingswese staan.

Beurse word aangebied aan kandidate onder die ouderdom van 35 jaar en voorkeur sal aan gegradueerdes gegee word. Studieprogramme sal kort, maar vol verskeidenheid wees en die studieveld sal in die V.S.A. wees. Die bedrag en aard van die beurs sal wissel volgens die beurshouer se omstandighede.

Voornemende kandidate moet aansoek doen by dr. Leon B. Knoll, Posbus 677, Vereeniging.

Die M. S. Louw-Studiebeurs

Mnr. C. H. Brink, voorsitter van die direksie van Federale Volksbeleggings Bpk. het aangekondig dat 'n M. S. Louw-studiebeurs van R500 per jaar ingestel sal word vir studente wat die M.B.A.-kursus aan die Universiteit van Stellenbosch wil volg.

Die Mattie Jooste-Studiefonds

Oud-studente van die Departement van Huishoudkunde van die Universiteit van Stellenbosch het besluit om fondse in te samel om 'n Studiebeursfonds daar te stel ter ere van prof. Mattie Jooste wat aan die einde van Junie vanjaar uit die diens getree het.

Prof. Mattie Jooste het haar lewe gewy aan die opbou van die Departement van Huishoudkunde van die Universiteit van Stellenbosch. Sy was vanaf 1930 dosent en is in 1964 tot professor in Huishoudkunde bevorder. Baie studente, ouers van studente en kortkursusgangers het deur die jare met prof. Jooste kennis gemaak. Almal het haar leer ken as 'n lewenslustige en vriendelike persoon met 'n intense belangstelling in haar vak, en as iemand met 'n besondere sin vir humor.

Die Komitees vir hierdie fondsinsameling sal by alle oud-studente van die Departement van Huishoudkunde aanklop om 'n bydrae. Ook die personeellede van die Departement van Huishoudkunde sal verskillende projekte onderneem om fondse in te samel.

Oud-studente en ander wat graag bydraes wil maak, word gevra om dit te stuur aan :

Die Hoof,
Departement van Huishoudkunde,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH

Prof. Mattie Jooste

Uitbreiding en Groei

Fonds vir Geneeskundige Navorsing

Op 14 Augustus 1968 het die oorhandiging van die eerste paaiement van R10,000 van 'n skenking van R50,000 vir die Fonds vir Geneeskundige Navorsing van die Universiteit van Stellenbosch deur Sanlam in die Sanlamgebou plaasgevind.

V.l.n.r. : *Dr. A. D. Wassenaar (voorsitter en besturende direkteur van Sanlam en voorsitter van die beheerkomitee van die Fonds vir Geneeskundige Navorsing), prof. F. D. du T. van Zijl (dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde) en prof. H. B. Thom (rektor van die Universiteit van Stellenbosch).*

Huis Francie van Zijl feestelik ingewy

Die eerste van drie groot koshuise vir geneeskundige studente van Stellenbosch is op 13 September 1968 feestelik ingewy tydens 'n gesellige aandete. Die studente het hulle gesellinne grotendeels „ingevoer" van Stellenbosch. Die „kontakte" wat gedurende die eerste twee jaar van die geneeskundige kursus op Stellenbosch opgebou word, is van die grootste belang vir die manlike studente, want die dames wat geneeskunde neem, is ver in die minderheid.

Huis Francie van Zijl kan 250 studente akkommodeer en is vlakby die reusagtig nuwe onderrig hospitaal vir die Universiteit van Stellenbosch te Tiervlei





Prof. Francie van Zijl

Mev. Issie van Zijl, eggenote van prof. van Zijl

geleë, sodat die koshuise, akademiese gebou, tandheelkunde hospitaal en die onderrig hospitaal en verpleegsterskolleges almal bymekaar sal wees. 'n Sportkompleks van rugbyvelde, tennisbane en ander sportgeriewe word op dieselfde terrein beplan. Skuins oor die koshuis is 'n spoorwegstasie.

LEEMTE GEVUL

Die primarius, mnr. Johan Snyman, het eer gebring aan prof. Francie van Zijl, die vriendelike en simpatieke dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde, na wie die koshuis heet en gesê die koshuis vul 'n groot leemte wat in die lewe van die Stellenbosse geneeskundige studente bestaan het. Daarna het hy 'n mooi geraamde kleurfoto van prof. Van Zijl onthul.

DIE STUDENTE SE BRIEF

Nadat prof. Van Zijl sy blydskap uitgespreek het dat mnr. Graham Pienaar as inwonende hoof aangestel is, het hy gesê hoe diep hy getref was toe hy in die stukke van die Universiteitsraad gelees het dat sy studente die Raad per brief versoek het om die nuwe koshuis na hom te vernoem.

As iemand 'n huis bou, is hy duidelik van plan om daar te bly woon tot sy natuurlike einde. Met die daarstelling van hierdie huis het die Universiteit van Stellenbosch getoon dat hy hom permanent in die voorstede van Kaapstad gevestig het.

TOT DIENS VAN LAND EN VOLK

Die vaderlander, Francie van Zijl, het sy studente daarop gewys dat kennis en wetenskap internasionaal is, maar dat jy nogtans jou beroep binne die grense van jou land beoefen ter wille van jou mense — en „wat betref u wat hier sit, ter wille van die siek mense van ons land. My siening van alle onderrig en opvoeding is dat dit binne nasionale verband fundeer moet wees. Daarom vertrou ek dat alle inwoners van hierdie koshuis, afgesien van die taal wat hulle praat, deur die beroep wat hulle gekies het, hulle land en volk sal dien."

DIE REGISTER

Mev. Francie van Zijl het aan die koshuis 'n groot, in leer gebonde, register oorhandig. Daarin moet die naamtekeninge en foto's van al die inwoners elke jaar aangebring word. Deel van die register word vir die naamtekeninge van geëerde besoekers gereserveer.



Huis Francie van Zijl

OOR TIEN JAAR

Die eregaste het hulle name geteken op 'n ongeopende bottel sjampanje wat deur prof. J. W. R. de Villiers aan die primarius oorhandig is met die versoek dat dit oor tien jaar oopgemaak moet word, en met die wens dat die inwoners van *Huis Francie van Zijl* 'n steunpilaar vir die Universiteit sal wees.

Die toesprakies en sagte musiek is helder oorgedra deur die luidsprekerstelsel wat mnr. Fred Stiglingh namens *Die Ou Mutual* aan die koshuis geskenk het.

Tweede Groot Boekeskenking

Prof. dr. H. B. Thom het weer eens 'n boekeskenking, ongeveer 1,300 stukke, aan die Universiteit van Stellenbosch gemaak. Dit bevat o.m. boeke, pamflette, ongepubliseerde akademiese verhandelings en tydskrifte.

Dit is die tweede groot skenking wat prof. Thom uit sy uitgebreide en waardevolle versameling gedoen het. Verlede jaar se skenking, hoofsaaklik bronnemateriaal, het baie amptelike stukke van die Oranje-Vrijstaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek ingesluit.

Hierdie tweede skenking bevat geskrifte oor onderwerpe soos geskiedenis, filosofie, opvoedkunde en ekonomie asook letterkundige boeke. Die geldelike waarde van hierdie skenkings beloop etlike duisende rand. Sommige stukke is gesogte en waardevolle africana en is feitlik onverkrygbaar.

Mnr. F. du Plessis, bibliotekaris van die Carnegie-Biblioteek, beskou dit as 'n uiters welkome skenking. Vanweë die groot studentegetalle is dit dringend noodsaaklik dat die biblioteek van alle soorte studiemateriaal oor meer as een eksemplaar beskik. Die skenking sal op versoek van prof. Thom nie as 'n afsonderlike eenheid ingerig word nie, maar volgens onderwerpe déúr die biblioteek versprei word. Mnr. Du Plessis het die hoop uitgespreek dat hierdie voorbeeld ook ander persone sal aanmoedig om boeke aan die Universiteit te skenk.

Die Hortus Botanicus

Vier Monicaners besoek die botaniese tuin van die Universiteit van Stellenbosch wat so pas onder leiding van mnr. W. G. Tijmens, die kurator, 'n interessante vernuwing in uitleg, fasiliteite en aanbiedings ondergaan het. Die toegang, binne bepaalde ure, is vry.

Foto v.l.n.r.: *Dorothea LaBuschagne (B.A. II) van Graaff-Reinet, Elise Oosthuizen (B.A. II) van Calitzdorp, Maria Kriek (B.A. Mus. II) van Mosselbaai en Helene Taljaard (Dipl. Huishoudkunde II) van Graaff-Reinet.*



Besoekers

'n Toekomsblik deur Kmdt.-Genl. R. C. Hiemstra

Op 7 Augustus vanjaar het Kmdt.-Genl. Hiemstra Stellenbosch besoek en die aand 'n hoogs wetenskaplike lesing gelewer oor tegnologiese ontwikkeling in die krygskunde, die implikasies daarvan en hoe klein volke hulself kan handhaaf.

Moderne verdediging is nie meer 'n taak slegs van die gewapende magte nie. Die optrede van gewapende magte is ook nie meer beperk tot die fisiese gebruik van oorlogswapens in die klassieke sin nie. Verdediging is vandag 'n nasionale taak waarby elke gesigspunt van ons samelewing betrokke is.

VERANDERDE OORLOGVOERING

Die belangrikste fundamentele verandering op die gebied van oorlogvoering wat deur die gebruik van kernwapens ingetree het, het veral betrekking op die vernietiging van stede wat ver van die oorlogsfront geleë is. Daar bestaan nie meer so iets soos 'n gevegsone nie. Hierbenewens is daar geen aktiewe verdedigingstelsel wat kan verhoed dat kernwapens hulle doelwitte bereik nie.

Geen groot kernkragmoondheid kan egter 'n ander aanval sonder om 'n teenaanval uit te lok nie, en die aanvaller loop gevaar om selfs meer onder 'n teenaanval te ly as die eerste wat aangeval is. Die V.V.O. beraam die totale uitgawe vir die verwerwing van 'n matige kernmag op ongeveer R1,000 miljoen oor 'n periode van tien jaar. Min lande is dus in die versoeking om sulke wapens in gebruik te stel.

VERWAGTE TIPE VAN KONFRONTASIES

Wat verwag moet word, is dat indirekte konfrontasies sal voortgaan en dat beperkte oorloë dalk meer dikwels sal voorkom. Verder moet verwag word dat die Kommuniste hulle veldtog van ondermyning van die Westerse lewenswyse en instellings sal verskerp. Hulle sal probeer om al hoe meer in Westerse organisasies in te dring en sy kulturele en morele standaarde te ondermyn.

Foto: *V.l.n.r.: Prof. (Kol.) P. J. G. de Vos (Dekaan van die Militêre Akademie), kmdt.-genl. R. C. Hiemstra, prof. H. B. Thom (Rektor).*

Dit is duidelik dat waar die groot moondhede nou skaakmat sit met hulle super-wapens, die oorlog verskuif na die sielkundige front en die verowering van die gees van die mens. In so 'n oorlog sal elke burger weer slaggereed moet wees met kennis en innerlike standvastigheid as teenwapens en sal ons rotsvesting van ouds, die Bybel, weer die verskansing wees waaruit 'n volk soos dié van Suid-Afrika die aanslae afweer.

Fisici uit V.S.A.

Prof. dr. H. G. F. Wilsdorf en sy vrou, prof. dr. D. Kuhlmann-Wilsdorf van die Universiteit van Virginia, V.S.A., het op 24 tot 25 Julie 1968 'n besoek aan Stellenbosch gebring. Beide is fisici en spesialiseer in elektron-mikroskopiese ondersoeke van metale. Hulle het 'n aantal lesings in die Fisikadepartement op Stellenbosch gehou en ook deelgeneem aan besprekings.

Die professore is geen vreemdelinge in Suid-Afrika nie. Vanaf 1951 tot 1956 was prof. Heinz Wilsdorf verbonde aan die W.N.N.R. in Pretoria en prof. Doris Wilsdorf was lid van die personeel van die Universiteit van die Witwatersrand. Dit is egter hulle eerste besoek aan Stellenbosch. Hulle is baie beïndruk met die vordering wat op wetenskaplike gebied in Suid-Afrika gemaak is sedert hulle in 1956 na die V.S.A. vertrek het.

Prof. en Mev. C. B. Marshall

PROF. EN MEV. C. B. MARSHALL, hoogleraar in Internasionale Betrekkinge aan die Johns Hopkins Universiseit, V.S.A. het van 26 — 29 Julie 1968 aan Stellenbosch 'n besoek gebring. Op 29 Julie was die egpaar die gaste van die Rektor en mev. Thom by 'n noenmaal in die Hotel Devon Valley.

(Onderste foto)
V.l.n.r. : *Dr. W. B. Vosloo (senior lektor in Staatsleer en Openbare Administrasie), mev. H. B. Thom, prof. C. B. Marshall, mev. Marshall en prof. H. B. Thom.*

V.l.n.r.: *Dr. S. Kritzinger, prof. dr. H. G. F. Wilsdorf, prof. dr. D. Kuhlmann-Wilsdorf, prof. W. L. Mouton en dr. D. J. Marais.*

Oud-Maties

Vyf Landbouers Geëer

Op 3 Oktober 1968 is tydens die feestelikhede van die Goue Jubileum (1918–1968) van die Fakulteit van Landbou besondere eerbewyse in die vorm van goue seëlringe aan die volgende vyf oud-studente deur die Rektor, prof. H. B. Thom, oorhandig.

Prof. J. H. Neethling is op 18 Mei 1887 te Lydenburg, Transvaal gebore. Sy oupa was die beroemde ds. J. H. Neethling, een van die grondleggers van die Victoria-Kollege. Hy is reeds in 1917 as professor in Landbouplantkunde aangestel — een van die eerste twee professore in Landbou aan die U.S.

In 1936 was hy dekaan van die Fakulteit en het in 1959 na 'n baie volle en vrugbare dienstyd afgetree as professor in Erflikheidsleer. In 1963 is die erepenning vir Natuurwetenskaplike prestasie deur die S.A. Akamedie aan hom toegeken. Hy is in 1917 getroud met Marguerite Joubert, wat hom reeds ontval het.

Prof. J. C. Swart is op 8 Januarie 1900 op Swellendam gebore. In 1954 het hy die graad D.Sc. in Landbou aan die U.S. behaal, hoewel hy reeds in 1946 tot professor in Veeteelt bevorder is. Hy het 41 jaar lank die U.S. en die S.A. veebedryf as dosent en navorser uitmuntend gedien.

Hy is 'n hoogstaande kenner van Friesbeeste en het 'n aktiewe rol gespeel in georganiseerde kunsmatige inseminasie. In 1967 is hy vereer met die Goue Medalje deur die Vereniging van Diereproduksie.

OORHANDIGING VAN OORKONDES

V.l.n.r.: Prof. R. Liebenberg (Dekaan), prof. J. C. Swart (oud-professor in Veeteelt), mev. A. P. du Preez, prof. H. B. Thom (Rektor), dr. C. G. Niehaus (Assistent-hoofbestuurder van die K.W.V.), prof. F. R. Tomlinson (Hoof van die Transvaal-streek van die Dept. Landbou-Tegniese Dienste en medeprofessor in Landbou-ekonomie aan die Universiteit Pretoria, prof. J. H. Neethling (oud-professor in Erflikheidsleer).

Dr. C. J. G. Niehaus is op 20 Januarie 1906 te Tulbagh-weg gebore. Na wye studie op Stellenbosch en in Duitsland het hy die graad D.Sc. in Landbou te Stellenbosch behaal en is hy in 1932 as senior lektor in Wynbou-Wynbereiding aan die U.S. aangestel.

Hy het besondere sukses met die produksie van S.A. sjerriesoorte behaal en in 1937 in diens van die K.W.V. getree. In 1963 is hy benoem tot Assistent-Hoofbestuurder, verantwoordelik vir goeie wynproduksie. Hy word wêreldwyd erken as 'n ware kenner van wyntipes van S.A. en elders in die wêreld.

Prof. F. R. Tomlinson is te Swellendam op 21 Oktober 1908 gebore. In 1930 het hy die M.Sc. Agric.-graad op Stellenbosch onder die geniale prof. J. F. W. Grosskopf in die Landbou-ekonomie behaal en in 1933 die Ph.D.-graad aan die Universiteit van Cornell. In 1939 is hy aangestel as professor in die Landbou-ekonomie te Pretoria en in 1957 het hy boonop Hoof van die Transvaalse Streek in die Departement Landboutegniese Dienste geword.

Hy het reeds baie navorsing gedoen, in baie liggame gedien en allerlei onderskeidings verwerf, maar sy grootste taak was seker in 1955 as Voorsitter van die Kommissie i.v.m. die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede in S.A.

Mnr. A. P. du Preez is op 13 Augustus 1920 te Warrenton gebore. In 1942 het hy op Stellenbosch die graad B.Sc. in Landbou *cum laude* behaal, maar reeds vroeg sy navorsing te St. Helena begin i.v.m. vissery en die ekstrahering van vitamiene A- en D-olies uit snoek- en haailewers.

Hy het met 'n klein kapitaal van R6,000 begin, maar het telkens nuwe rigtings ingeslaan, sodat hy tans fabrieke besit vir vismeel, vir dierevoedsel, die inmaak van vis te Walvisbaai en Luderitz, fabriekskepe vir vismeel, die Suiderland Ontwikkelingskorporasie vir tekstielware, melkvoorsiening vir Port Elizabeth, asook bosaanplantings, saagmeule en 'n fabriek vir spaanderhout te Piet Retief. Sy organisasies verskaf werk aan ongeveer 1,500 blankes en het 'n omset van ±50 miljoen per jaar.

Die Feesuitgawe

Daar is nog 'n beperkte aantal eksemplare van die Feesuitgawe *„Die ontstaan en Ontwikkeling van Landbou-Onderwys op Stellenbosch"* opgestel deur proff. J. C. Swart en J. H. Neethling beskikbaar.

Hierdie boek is pragtig gebind en gedruk, dit gee 'n omvattende oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van Landbou-onderwys op Stellenbosch en is treffend geïllustreer met interessante geskiedkundige foto's. Waarlik 'n waardevolle besitting vir ten minste elke oud-landboustudent van Stellenbosch.

Plaas u bestelling so gou moontlik by dr. W. A. Vosloo, Fakulteit van Landbou, Stellenbosch. Prys R2.50 posvry. Maak gelde betaalbaar aan: Dekaan Fakulteit van Landbou, Stellenbosch.

F. A. K.-Erepenning aan Prof. Dr. D. F. Malherbe

Prof. H. B. Thom, Voorsitter F.A.K., het in sy motivering vir die toekenning te Bloemfontein op 9 Augustus 1968 o.a. gesê dat die Erepening vir Volksdiens, die F.A.K. se hoogste eretoekenning, nog maar ses keer toegeken is en wel aan wyle dr. D. F. Malan, dr. S. H. Pellissier, wyle komdt. C. A. van Niekerk, oud-staatspres. C. R. Swart, mev. M. E. Rothmann en mnr. I. M. Lombard.

TAALSTRYDER

Prof. Malherbe was as't ware deur sy herkoms gevorm om 'n Afrikaner-kultuurmens van die hoogste gehalte te word. Hy is op 28 Mei 1881 in Daljosafat, Paarl, gebore. Sy vader was 'n stigterslid van die Genootskap



van Regte Afrikaners, en sy oom, ds. S. J. du Toit, die leier. Sy vroeë onderrig het hy ontvang aan die Hugenote-Gedenkskool in Daljosafat, saam met o.a. Totius en A. G. Visser. Later het hy op Stellenbosch gaan studeer en sy studies in die filologie en die letterkunde in Duitsland afgerond.

In 1906 was hy vol vuur in sy vaderland terug. Op 12 Oktober 1906 het hy sy historiese rede op Wellington gehou, onder die titel: *Is Afrikaans 'n Dialek?* waarin hy die grondslae van 'n eie taal aangetoon het. Gesteun deur sy studiemaats, dr. A. I. Perold en dr. D. F. du Toit Malherbe, en met die medewerking van Jannie de Waal en dr. D. F. Malan stig hulle op 3 November 1906 in Kaapstad die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.), waarvan prof. Malherbe die eerste voorsitter was. Aan die einde van 1907 was hy voorsitter van die Afrikaanse Taalkongres, wat o.a. die spelreëls opgestel het wat later deur die S.A. Akademie aangeneem is.

AKADEMIKUS

Nadat prof. Malherbe in 1909 vir dr. W. J. Viljoen op Stellenbosch waargeneem het, het hy na Bloemfontein vertrek waar hy in 1918 professor van Afrikaans aan die ou Grey Universiteitskollege geword het. Hy was een van die eerste aktiewe lede van die S.A. Akademie, waarvan hy later voorsitter geword het. Hy het ook opgetree as taaladviseur vir die Afrikaanse Bybelvertaling. Onder sy taalkundige publikasies moet veral vermeld word sy *Afrikaanse Taalboek* (1917) en sy *Afrikaanse Spreekwoorde* (1926).

LETTERKUNDIGE

As Afrikaanse romanskrywer het hy die Hertzogprys 'n paar keer verower. Sy *Vergeet Nie* (1913), *Die Meulenaar* (1926), „ons eerste boereroman" en *Hans die Skipper* (1929), „ons eerste seeroman", moet spesiaal genoem word. Met sy Bybel- en Trekromans het hy baanbrekerswerk gedoen.

In die poësie, vind ons prof. Malherbe se bundels soos *Karoo Blommetjies* (1909), *Klokgrassies* (1914) en *Vir Vryheid* (1919) onder die vroegstes van die Tweede Taalbeweging.

In sy omvangryke toneelwerk kry ons kultuurhistoriese baanbrekerswerk, maar ook ware kwaliteit, soos in *Amrach die Tollenaar,* of in *Meester,* of in *Die Meul dreun.*

F. A. K. - ONDERSTEUNER

Vir die F.A.K. self het prof. Malherbe ook 'n besondere betekenis. Toe op 18 en 19 Desember 1929 die groot Uniale Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie tot die stigting van die F.A.K. besluit het, was prof. Malherbe 'n leidende figuur saam met bekende Afrikaners soos wyle dr. C. F. Visser, wyle prof. Joon van Rooy, prof. W. J. du P. Erlank en ons geagte oudstaatspresident, mnr. C. R. Swart.

As taalstryder, akademikus, navorser, kunstenaar, besielde volksman en geestelike leier oor meer as sestig jaar, is hy vir ons die simbool van 'n tydvak in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 'n gawe van God aan sy volk.

Gelukwense

Mnr. J. A. Kruger, voorheen Adjunk-hoofbestuurder van die S.A. Spoorweë, is van 30 Julie 1968 af aangestel as die Hoofbestuurder. Hy volg mnr. J. P. Hugo wat in die middel van die jaar oorlede is, op.

Mnr. Kruger is op 7 Augustus 1907 op Burgersdorp gebore en het die B.Comm.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Lt.-genl. Johannes Petrus Gous, B.A. (Regte), is Suid-Afrika se nuwe polisiehoof vanaf 1 Oktober 1968 toe hy genl. J. M. Keevy as Kommissaris van Polisie opgevolg het. Genl. Gous is die houer van die polisie se hoogste medalje, die Ster vir Voortreflike Diens.

Hierdie oud-Calvinianer, gebore op Vroliksfontein 58 jaar gelede, was 12 jaar toe hy vir die eerste keer skool toe is. In 1931 het hy die B.A.-graad in die regte op Stellenbosch behaal met onderskeiding in Romeinse en Romeins-Hollandse reg. Genl. Gous se opvatting is dat 'n mens juis in moeilike omstandighede beter presteer.

Mnr. J. B. Willers, burgemeester van Verwoerdburg (1968/69), is een van die oud-Matie staatmakers.



Dr. J. C. de Wet, professor in Regsgeleerdheid te Stellenbosch, het op 27 Aug. 1968 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad ontvang. Na die afgelope munisipale verkiesing is hy ook tot burgemeester van Stellenbosch verkies.

Oud-Maties te Lunteren

Dr. J. S. Gericke (Vise-Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch), *prof. F. J. M. Potgieter* (Fakulteit van Teologie van die U.S.) en *dr. J. D. Vorster* (Aktuarius N.G. Kerk, Kaapland) het in September die N.G. Kerk verteenwoordig met die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Lunteren, Nederland. *Ds. P. E. S. Smith* (Sekr. van die Algemene Sendingkommissie) het die N.G. Sendingkerk verteenwoordig.

Die gunstige wending, wat die aanvanklik swaar belaaide atmosfeer teen die N.G. Kerk tydens die sinode geneem het, getuig dat die seën van die Allerhoogste op die harde werk van hierdie manne gerus het. Die gemiddelde uitslag van die stemmings waar Suid-Afrika en die N.G. Kerk by betrokke was, was 30–16 in ons guns.

Louriere aan sy Alma Mater

„Waar 'n mens die geleentheid het om die louriere van 'n mens se loopbaan aan die voete te kan lê van jou Alma Mater wat jou daartoe toegerus het, dan stem dit 'n mens slegs tot nederigheid, want enige eer wat mens ontvang, kom eintlik toe aan diegene wat jou gehelp het op die pad van die lewe, toegerus het, onderskraag het, vertroue gegee het en diensbaar gemaak het. Dit is dan in 'n gees van erkentlikheid teenoor die Universiteit van Stellenbosch dat ek hierdie brief skrywe om my dank te betuig teenoor my Alma Mater."

(Get.) G. F. v. L. Froneman.

(Deel van 'n brief aan die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, op 6 September 1968.)

Wellingtonners

Ds. E. J. du Toit, wat 18 jaar lank rektor van die Hugenote-Kollege op Wellington was, het op 30 Junie die tuig neergelê, maar tree eers aan die einde van 1968 af, omdat hy nog met lang verlof is. Ds Du Toit het sy B.A., B.D.-studie op Stellenbosch afgelê en was op verskeie dorpe predikant.

Dr. Johan D. G. van der Merwe, sedert 1962 lektor in Sosiologie en Sielkunde aan die Hugenote-Kollege, is benoem tot rektor in die plek van ds. Du Toit. Dr. Van der Merwe het van 1943 tot 1950 die grade B.A., M.A. en D.Phil. (Sielkunde) en sy teologiese studie op Stellenbosch voltooi.

Prof C. F. Kies is op 5 Augustus in die ouderdom van 82 jaar oorlede. Hy was van 1933 tot 1962 hoogleraar aan die Sending-Instituut. Na 'n skitterende akademiese loopbaan aan die Victoria-Kollege te Stellenbosch het hy die B.D.-graad in Londen behaal en tegelyk daarmee 'n mediese kursus met die oog op arbeid in die sendingveld gevolg.

So doen 'n Matie dit!

Adresverandering: Hiermee kanselleer ek die *Matieland* wat aan mej. L. Cilliers, Posbus 135, Allanridge, gestuur word, aangesien ons twee getroud is — S. L. Jordaan, De Doorns.
(U moes darem die groot datum bygevoeg het. – Red.)

Who was the Dud ?

Ek sit in 'n Durbanse hotel saam aan tafel met 'n Engelssprekende landgenoot. Hy beskou die wapen op my oud-Matiekleurbaadjie aandagtig en vra toe meteens: „By the way, what does ‚Dud Student' mean?" — P. H. Langenhoven, Posbus 376, Heidelberg, Tvl.

Dank aan Alma Mater

„Mag ek nog 'n dankie bring aan my geliefde Alma Mater wat my as 33-jarige onderwyser met matriek as basis, gehelp het om slegs in 2 jaar (1932 en 1933) 'n B.A.-sertifikaat *cum laude* te verwerf. Op 70-jarige leeftyd sien ek so verlangend uit na die koms van *Matieland.*"
Louis de Jager, 2e Laan, Kleinmond (11.10.68).
(Geen wonder nie oom Louis. U was as onderwyser, skoolhoof en Voortrekker 'n fyn voorslag. Span lekker uit! – Red!)

Mnr. A. P. J. Immelman, van die Universiteit van Port Elizabeth, studeer van Augustus 1968 tot Desember 1970 aan die Universiteit van Florida, Gainesville, in rekeningkunde met die oog op Ph.D.

Verlange

Mnr. Jurgens J. van Onselen (B.A. Stell. 1955) is tans lektor in Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Houston, waar hy aan 'n doktersgraad in Opvoedkunde werk. Hy stuur groete aan prof. F. Smuts, prof. W. Kempen en mnr. Piet Lombard. Hy verslind die Matienuus, want „Ag, die verlange!".

Oud-Maties trek saam . . . !

Tydens die saamtrek van oud-Maties op Stellenbosch is op die aand van 3 Oktober 1968 tougetrek deur die spanne van Rawsonville, Breërivier, Tulbagh en oud-Maties.

Dit was 'n geleentheid van kommer, vreugde, spanning en inspanning.

Sy Dubbele Onderneming

Die Direkteur van Ontwikkeling,
Universiteit,
STELLENBOSCH

Posbus 2086,
Bloemfontein.
22 Julie 1968.

Geagte Heer,

U kennisgewing van 9 deser dat Volkskas die finale paaiement van my bydrae tot die Eeufeesfonds van die Universiteit aan u oorbetaal het, het ek ontvang.

Graag wil ek die maandelikse bydrae nog vir 'n onbepaalde tyd laat voortduur en versoek u om my te voorsien van die nodige bankversoekvorm. Ek voel my bydrae tot die ontwikkeling van ons Universiteit is so gering in verlyking met wat die inrigting vir my en my huis gedoen het.

Ek is self 'n oud-student; my oudste dogter, tans lektrise aan die Universiteit van Port Elizabeth, het 'n M.A.-graad op Stellenbosch verwerf en die twee jongste dogters is vanjaar albei kosgangers in Heemstede, die oudste reeds in haar vyfde jaar.

My dogter, mej. W. C. Spies, verlaat die Universiteit aan die einde van die jaar. *Ek skenk dan ook die koshuisdeposito van R30.00* wat ek op 2 Desember 1963 betaal het, sodra sy die koshuis vir goed verlaat.

En dit het my op die gedagte gebring dat ouers versoek kan word om wat van die deposito mag oor wees as hulle kinders die Universiteit verlaat, aan die ontwikkelingsfonds te skenk.

Groete.
(Get.) J. F. SPIES

205 Beurse

Geagte Mnr. Spies,

U blyke van ondersteuning aan u Alma Mater is treffend. Die Universiteit van Stellenbosch is gelukkig dat talle oud-Maties ook soos u voel en handel. Ons is saam met u bly en dankbaar oor die vordering van u kinders. Mag hulle vorentoe nog veel sukses behaal.

N.a.v. u gewaardeerde opmerkings oor die steun aan die Eeufeesfonds van die Universiteit wil ek net meld dat *in die afgelope 3 jaar reeds 205 beurse uit die renteverdienste van die fonds aan studente toegeken is.* – Red. Matieland.

Eeufeesfonds

Raadslid C. Rautenbach, burgemeester van Carletonville, oorhandig 'n tjek aan mnr. A. J. Esterhuyse, Assistent-Direkteur van die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit, tydens die Eeufeesfondsdinee wat op 16 Augustus 1968 op Carletonville gehou is.

„Matieland"-fonds

Tot op 17 Oktober 1967 het ons lesers R6,687.91 tot die Fonds bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is:

TOTAAL (tot 17 Oktober 1967)	R6,687.91
Aucamp, mnr. L. J. S., Beckenham, Engeland ...	2.00
Bartel, mnr. L. P., Posbus 818, Bloemfontein ...	2.00
Benning, mnr. L. H., Universiteit van Natal, Durban	1.00
Berends, dr. J. J., p/a Mr. H. Granschow, Sydney, Australië	2.00
Bosch, mnr. G. S., Posbus 227, Paarl	5.00
Bosch, mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai ...	2.00
Botha, mnr. en mev. C. V., Sunnyside, Pretoria	2.00
Brimacombe, Mnr. J., Rabiestraat 6, Strand ...	1.00
Burger, mnr. A. M., Posbus 466, Roodepoort, Transvaal	2.00
Cloete, mnr. F. A., Departement van Handel, Pretoria	3.00
Cloete, ds. en mev., N.G. Pastorie, Hanover, K.P.	2.00
Coetzee, mnr. G. J., Suid-Afrika Huis, Londen	10.00
Dittrich, mej. L., Stangerse Hoërskool, Natal ...	2.00
Du Preez, mej. M. L., Posbus 395, Pretoria ...	5.00
Du Toit, mnr. J. C., Lyndhurst, Johannesburg ...	3.00
Ertle, mnr. D., Kölnstrasse 155, Bonn, Duitsland	2.00
Feely, mnr. J. E., S.A.P.P.I., Ngodwana, O.-Tvl.	2.00
Hattingh, mev. A., Riggstraat 2, Uitenhage ...	1.00
Hulme, Luit. J. A., Posbus 55, Stellenbosch ...	1.00
Immelman, mnr. A. P. I., University of Florida, Gainesville, V.S.A.	5.00
Joubert, mnr. G. D., Posbus 1300, Durban ...	2.00
Langenhoven, mnr. P. H., Posbus 376, Heidelberg, Tvl.	2.00
Lombard, prof. S. H., Universiteit van Pretoria, Pretoria	2.00
Marais, mnr. J. P., Privaatsak 1014, Benoni, Tvl.	2.00
Michau, mnr. N. C., Posbus 1378, Pretoria ...	2.00
Muller, mnr. R. T., Granadaweg 3, Evander, O.-Tvl	4.00
Naudé, mev. A. S., Langstraat 21, Lichtenburg	2.00
Neethling, mnr. C. L., Posbus 7, Melkbosstrand	4.00
Nolte, mnr. H. J. B., Lochnerstraat 49, Strand	2.50
Norval, mej. E., Dakota 319, Queenswood, Pretoria	2.00
Odendaal, mnr. J. F., Posbus 206, Oos-Londen	2.00
Odendal, prof. F. F., Departement Afrikaans-Nederlands, R.A.U., Johannesburg	3.00
Olckers, mej. E., The Towers 201, Bairdstraat, Uitenhage	1.00
Oud-Matie Gholfklub, Posbus 10934, Johannesburg	50.00
Roos, mnr. D. v.d. S., Beauhof 5, Arcadia, Pretoria	5.00
Roos, ds. J. H. de S., Glencoe, Natal	3.00
Schmidt, mnr. D. S., Blackwoodstraat 195, Arcadia, Pretoria	5.00
Stadion, mnr. A., Die Laan 35, Stellenbosch ...	2.00
Steenberg, mev. H. J., Vosstraat 151, Sunnyside, Pretoria	10.00
Syfret, mnr. J. G., Crakestraat 10, Florida-Meer, Tvl.	2.00
Swart, mnr. D. J. C., Universiteitskollege, Wes-Kaapland, Bellville	2.00
Truter, mnr. A. A., Posbus 1167, Johannesburg	5.00
Van der Merwe, ds. C. A., Posbus 65, Porterville	2.00
Van der Merwe, mnr. C. P., Berghstraat 27, Wellington	3.00
Van der Merwe, mej. M. E., Hoër Meisieskool Rocklands, Cradock	1.00
Van der Merwe, mnr. P. T., Posbus 3079, Kaapstad	5.00
Van der Poel, mnr. H. R., Posbus 2799, Kaapstad	2.50
Van Niekerk, mnr. M., Vlaardingenstraat 26, Salisbury	5.00
Van Rensburg, mnr. P. J., Hoërskool, Albertinia	2.00
Van Zijl, mnr. A. J. de M., Posbus 11, Kempton Park	5.00
Van Zyl, mnr. G. J., John Knoxstraat 47, Bloemfontein	2.10
Van Zyl, mnr. I. J., Posbus 74, Pretoria	10.00
Van Zyl, mnr. Jan, Posbus 518, Pretoria ...	1.00
Visser, mnr. D. J., Laerskool, Grootmist	5.00
Visser, mnr. P. R., Hoërskool Swartland, Malmesbury	5.00
Visser, mnr. en mev. W. B., Posbus 14, Amsterdam, Tvl.	6.00
Vlok, Kapt. T. C. B., „Sunnyside", Arsenaalweg, Simonstad	4.00
Anoniem, Claremont	2.00
Boekhorst, mnr. H. C., Posbus 1, Barberspan	25.00
Bogenhofer, mev. W. H. S., Posbus 66, Stilfontein, Tvl.	4.00
Botha, mnr. A. C., Hoërskool, Elliot	3.00
Brand, mej. H. T. E., Voortrekkerhospitaal, Kroonstad	2.00
Cloete, mnr. F. A. Cloete, Privaatsak 84, Pretoria	3.00
Dekker, mnr. H. P., Posbus 392, Pretoria ...	5.00

De Wit, mnr. J. F., Harvardlaan 204, Clubview	5.00
Du Toit, mev. E. H., Universiteit van Natal, Durban	5.00
Ebersöhn, mnr. W. H., Huis Onderstepoort, Pk. Onderstepoort	5.00
Gonin, mnr. P., Oranjelaan 5, Pinelands	5.00
Heckroodt, mnr. B., Caleysteeg 1216, Queenswood, Pretoria	3.00
Horak, ds. M. H., Abraham Kriel-kinderhuis, Langlaagte	5.00
Hupkes, dr. G. J., F.V.B., Posbus 3079, Kaapstad	5.00
Jooste, dr. M. E., Weidenhof 8, Stellenbosch	10.00
Kotzé, mnr. D. J., Posbus 686, Oranjemund, S.W.A.	10.00
Le Roux, mnr. C. W., Pointstraat 19, Parow ...	2.00
Lorenz, mnr. H. R. T., Deaneweg 6, Durban ...	2.00
Loubser, mnr. G. J. van W., Gertenbachstraat 1, Edenburg, O.V.S.	2.00
Marx, mnr. C. D. en Dogter, Prinseslaan 7, Beaconsfield, Oos-Londen	2.00
Michau, mnr. N. T., Posbus 1378, Pretoria ...	3.00
Mostert, mnr. Nic, Posbus 28, Sabie	5.00
Nel, prof. D. E., Posbus 339, Bloemfontein ...	6.00
Nortje, mnr. J. G., Privaatsak 180, Pretoria ...	2.00
Papenfus, ds. F. P. Pk. Grootdrink, oor Upington	5.00
Pienaar, mnr. F. J., Privaatsak 213, Pretoria ...	2.00
Redelinghuys, mnr. J. H., p.s. Tesourie, Uniegebou, Pretoria	4.00
Roelofse, mnr. J. H. F., Posbus 43, Caledon ...	5.00
Schreuder, dr. H. A., Posbus 102, Gobabis, S.W.A.	5.00
Truter, mnr. F. C., Oosthuizenstraat 6, Kuilsrivier	1.00
Van der Merwe, mnr. J. P., Clairstraat 12, Lynnwood Glen, Pk. Alkantrant	5.00
Van der Merwe, mnr. C. P., Bergstraat 27, Wellington	4.00
Van Eeden, mnr. T. A., Posbus 207, George ...	2.00
Van Heerden, mev. R. E., Posbus 1154, Pietersburg, Tvl.	5.00
Van Rensburg, mej. M., Posbus 2, Van Riebeeckpark, Kempton Park	5.00
Van Wyk, mej. A., Hoërskool, Frazerburg ...	2.00
Willers, mnr. J. D., Van Riebeecklaan 313, Verwoerdburg, Tvl.	5.00
TOTAAL (tot 24 Oktober 1968) ...	R7,087.01

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die *Matielandfonds* betaalbaar gemaak word.

Rateltaaie Latyn

Amo, amas, amat ...
Daar kom Meester met die lat ...

Kort-kort duik die strydvraag op of nog moet voortgegaan word met die verpligte vereiste van Latyn vir sekere kursusse en word gepraat van die „dooie" taal. In 1966 het die volgende getal en persentasies leerlinge aan die Wes-Duitse Gimnasiums die volgende tale, uitgeslote Duits, geleer.

Leerlinge:	1,030,141
Engels	87.8%
Latyn	47.7%
Frans	35.4%
Grieks	5.2%
Russies	0.2%
Ander	0.1%

(Education in Germany, No. 4/1968, bl. 23.)

Studente verander nie

In 'n artikel in *Die Welt* (9 Julie 1968) oor die Universiteit van Bonn word gemeld dat Friedrich von Bezoldt, in sy geskiedenis van dié Universiteit, geskryf het:

„Die Universiteit is op 'n tyd gestig toe regerings dwarsdeur Duitsland bang was vir die studerende jeug en vir die onpeilbare houdings van hulle akademiese en nie-akademiese organiseerders en woordvoerders."

Hy meld van 'n sekere Carl Schurz en andere wat volgens die destydse prof. Braubach „as die veronderstelde verteenwoordigers van al hulle medestudente die lewe vir die owerhede van die Universiteit van Bonn met hulle eise en proteste bemoeilik".

Ene Karl Marx, 'n student in die Regte, het dit beter geag om die nag van 16–17 Junie 1836 vanweë sy „nagtelike, oproerige lawaai" binne Bonn, weg van die kampus, deur te bring en dat hy hom „kalm gedra het".

Studentebedrywighede

A.S.B.-Leierskursus te Stellenbosch

Van 18 tot 20 Julie 1968 het die A.S.B. 'n leierskapkursus aangebied in die Wilcocks-gebou.

Dr. D. J. Kotzé, professor in geskiedenis aan die U.S., het een van die tien verskillende aangebode lesings gegee oor: *Die Republiek van S.A. sedert 1961 en hoe die Student hom kan dien.* Die gedagtes van prof. Kotzé was kortliks soos volg:

Toe die Republiek tot stand gekom het, was hy omring deur baie uitdagings na binne en buite, maar daar was die oortuiging dat dit goed sou gaan. Die digter W. E. G. Louw het van die Republiek gesê:

„Hy het gegroei — 'n kareeboom uit eie aarde, diep gewortel en taai,
met sy stam in die rots veranker, sy kruin na son en hemel gedraai."

Die vernaamste probleme na binne was om eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te bevorder; om 'n goeie verhouding tussen Blank en Nie-blank te bewerkstellig en om voorspoed te verseker deur die ekonomiese probleme op te los. Na buite moes kragdadig gepoog word om die beeld van S.A. te verbeter en moontlike aanvallers af te skrik.

Die spreker het sewe take vir die studente genoem:

Hulle moet glo dat ons volk 'n plig het om na te kom, glo in ons vermoë om dit uit te voer, glo in die reg van ons saak en glo dat klein volke ook groot dinge kan verrig.

Hulle moet *kennis* dra — elkeen van sy vak, sy land se probleme, hoe om hulle op te los en kennis hê elkeen van sy persoonlike vermoëns en onvermoëns.

A.S.B.- L E I E R S

Hulle moet glo dat hulle hul geloof en kennis in pligsgetroue werk kan uitleef en dat alle produktiewe werk eerbaar is.

Hulle moet die ander volksgroepe van S.A. met praktiese optrede probeer oortuig van ons eerlike motiewe. Spreker het o.a. verwys na die werk van die Stellenbosse studente gedurende die vakansies in die Transkei en S.W.A.

Teenoor alle mense van ander taal- en volksgroepe moet altyd ordentlik opgetree word, want lelike insi-



Onder die referente was (l.n.r.) ds. N. J. Smith, prof. F. C. Fensham, prof. D. J. Kotzé en mnr. F. J. Stiglingh.

L.n.r. : *Mnr. Johan Bergh (voorsitter leierskursus), mej. Toy Badenhorst, mnr. Koos le Roux.*

dente word oor die aardbol tot ons nadeel uitgebasuin. Kritiek van buite moet gebruik word as 'n snoeiskêr om beter groei te bevorder.

Te alle tye moet geprobeer word om die gesag van ons verkose leiers te handhaaf en anargie teen te werk. Stem ons nie met hulle saam nie, moet ons op eerlike en openhartige wyse verskil.

Alles kan daarin saamgevat word dat elkeen van ons die Republiek as sy persoonlike eiendom en verantwoordelikheid moet beskou.

Jaarverslag van Studenteraad se Voorsitter

Uittreksels uit die Jaarverslag (1967/68) van mnr. W. J. Botha, Voorsitter van die Studenteraad van Stellenbosch.

VERHOUDING MET DIE OWERHEDE

Dit is vir my aangenaam om in hierdie jaarverslag te kan meld dat die gesindheid wat geheers het wanneer Studenteraad en Owerheid ontmoet het, onoortreflik was. Dit was altyd in 'n gees van wedersydse agting dat sake bespreek is. Wanneer wedersyds oop kaarte gespeel word, kan daar ook geen misverstande ontstaan nie. Ons hartlike dank in besonder aan die Rektor wat nooit te besig was om 'n saak aan te hoor nie. Ons as studente kan met geruste gemoed, by al die kritiek, ook die geregverdigde waardering betoon waar dit toekom.

DIE MATIEBAADJIE

Die Matiebaadjie word nie meer gedra nie, aangesien voorkeur verleen word aan die verskillende soorte sportbaadjie wat by meer geleenthede gedra kan word. Indien die ondersoek toon dat hierdie neiging permanent van aard is, sal dit ernstig oorweeg moet word om oor te slaan na 'n donkerblou of swart baadjie met die Universiteitswapen daarop . . . Ons kleure sal gered moet word van die verlaging daarvan tot 'n blote rylopersuniform.

BLOEDBANK

Die studente-unie het in die afgelope jaar 2,137 pinte bloed geskenk, terwyl van die dames ook in die kliniek gehelp het.

DIE A.S.B.

Wanneer 'n student na Stellenbosch kom, is hy daarvan bewus dat hy na 'n universiteit met 'n bepaalde atmosfeer kom, en waar 'n bepaalde gesag heers . . .Stellenbosch het op twee geleenthede besluit dat sy Studenteraad sy affiliasie met die A.S.B. moet verbreek. Wat is die betekenis hieraan verbonde?

Laat ek dit baie duidelik stel: Die Christelik-nasionale karakter van Stellenbosch was nooit ter sprake nie . . . Die kritiese gees van die Matie-studente het in opstand gekom teen iets wat hy as 'n dreigement vir sy demokratiese vryheid gesien het. Daar was nooit enige sprake dat hy in opstand gekom het teen sy eie lewensbeskouing nie, want wat is 'n belydende Christen-gelowige met patriotiese liefde vir sy vaderland, dan anders as Christelik-nasionaal?

(Die groot opstand was teen verpligte lidmaatskap van die A.S.B. deur alle Stellenbosse studente. Die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch het daarna met 'n sterk ledetal tot stand gekom en by die A.S.B. geaffilieer. Op die A.S.B.-kongres te Potchefstroom, in Julie 1968, was Stellenbosch reeds weer sterk verteenwoordig en is ernstig en opbouend besin oor die toekoms van die A.S.B. – Red.)

DIE REKTOR EN STUDENTERAAD VIR 1968/69 DRINK TEE IN SY KANTOOR OP 29 AUGUSTUS

Foto: Agter l.n.r.: Mnre. Hendrik Verwoerd, Dirk Hertzog, Thys Smith, Pieter le Roux, Elwil Beukes, Alex Luttig, Andrew Gerber, Geoff McMinn, Nato Zondagh.

Voor l.n.r.: Mnre. W. Seidel, Bobbie Scherrer, mej. Jena van Zyl, prof. H. B. Thom, mnr. Pieter van Huyssteen.

Well done, Alan and John !

Dear Professor Thom,

On Saturday afternoon my 85-year-old Mother and I were involved in a slight but unpleasant accident on Helshoogte. Two young students, Alan Lindhorst and John Davis, both of Stellenbosch, came to our rescue . . . These two lads took over entirely . . . and took us all the way home to Fish Hoek . . . Not only did they help us, but they saw to my Mother's comfort . . . We are most grateful to these two young men . . . They are a real credit to the University . . . Signed: (Miss) M. Townley Johnson, 1 Disa Avenue, Fish Hoek. 17th June, 1968.

Extract from the Rector's reply:

I wish to express my sincere appreciation of your letter, and especially of the spirit of which it gives evidence. I am naturally pleased to hear that these two young fellows had helped you, but I am even more pleased that you took the trouble of informing me of what they had done. It is good to know that, while we so often hear about young people being criticised these days, there are young people who are too ready to help and to make sacrifices when they are called upon to do so.

Die Dagbreek-Argief

'n Blik in die Dagbreek-Argief. Dit gee 'n aanduiding van 'n klein hoeveelheid van al die stof wat reeds versamel is. Op die foto is die huisfoto's van die jare 1935-6 te sien waarop mnr. B. J. Vorster verskyn, sowel as die graaf wat by dr. Verwoerd se begrafnis gebruik is en 'n Springboktrui van Dawie Ackermann, 'n vorige primarius.

Oud-Maties ! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien u self, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

Gebruik ook die vormpie om verandering van adres aan te dui. Iemand *wat kennis gee* van 'n adresverandering verbly die hart van die redakteur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Aan: Die Redakteur, Matieland, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Van en Voorname:.....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.:.....Nooiensvan:.....

Werkadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Woonadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:.....

.....

Huidige Betrekking:.....

My vorige adres was:.....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.):.....

.....

.....

.....

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland*.

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.):.....

.....

Bydrae: R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds*. Bydraes word erken per kwitansie en in Matieland.)



Van die Teologie tot Elektronika

N.H.D. se drukwerk maak geskiedenis! Drukwerk-prestasies, op watter gebied ook al, bly steeds sinoniem met N.H.D. **Bybel in Vreemde Taal**—Nama, 'n taal vol vreemde aksente en klinkers, waarin die eerste volledige Bybel wat nog ooit in Suid-Afrika 'n eerste druk beleef het, gedruk is. N.H.D. was die aangewese drukkers vir dié taak, en deel in hierdie geskiedkundige teologiese prestasie. **Drukwerk vir Elektroniese Rekenaars**—Ook op hierdie gebied voer N.H.D. die botoon, en hy voorsien in die gespesialiseerde, aaneenlopende skryfbehoeftes wat vir hierdie stelsel vereis word. Slegs twee van die gebiede waarop ons geskiedenis maak! Boeke, Jaarverslae, Almanakke, Brosjures en Pamflette—almal getuig van ons voortreflike diens en gehalte.

NASIONALE HANDELSDRUKKERY BEPERK

Verkoopafdeling:- Drommedaris-gebou, Kaapstad. Telefoon: 2-2124
Fabriek:- Zeldastraat, Elsiesrivier. Telefoon: 98-3911

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Alle Nommers altyd in Voorraad
Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas
so pas ontvang Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

SPAAR VIR DIE TOEKOMS

..dis waar u
die res van u lewe
gaan deurbring

Saambou
BOUVERENIGING
WAAR MENS TUIS VOEL

VZ&R3772A

O.K.B. BPK.

LION
LAGER

SAB

Goud van Kleur . . . Ryk aan Geur

VZ 082706/2A

Suid-Afrika se
grootste
Ford-
handelaar-
organisasie

Grosvenor Motors

VZ&R — K5463E

Nasionale Boekhandel Beperk

is nie alleen die grootste uitgewersfirma in Suid-Afrika nie, hulle besit ook 'n uitgebreide netwerk van puik boekwinkels dwarsoor die land.

Kaapstad: Wandelgang, Groote Kerk-gebou, Posbus 2063.
Parow: Voortrekkerweg 386, Posbus 119.
Johannesburg: Eskomsentrum, Wolmaransstr., Posbus 9898.
Durban: Drakensberg-Boekhandel, Smithstr. 411, Posbus 1702.
Port Elizabeth: h/v Princess- en Cawoodstr., Posbus 95.
Bloemfontein: Maitlandstraat 53; Henrystr. 64, Posbus 1058.
King William's Town: Cathcartstraat 51, Posbus 107.
Pietersburg: Posbus 248 • Umtata: Posbus 259.
Windhoek: Marie Neef-gebou, Kaiserstraat, Posbus 1099.

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier

GEMAK BEGIN HIER...



- Anatomiese snit vir volmaakte pas
- Maksimum liggaamsondersteuning
- Supersagte gekamde katoen
- Ogiestof of ‚Interlock'
- Drie ontwerpe om van te kies

PLUS

- „Nix" Reknylon-amperbroekies
- Veelkleur-katoenbroekies

Wolnit

-ONDERKLERE

VIR GEMAK EN DUURSAAMHEID

ORAL BY VOORAANSTAANDE HANDELAARS

W6929

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

VRFA 165Q